AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

# Stroom-op

APRIL 1976



V.l.n.r.: H. Basson, F. Sauer, W. Nel, I. Divenhage, F. du Toit, J. Sauer, P. Smit, J. Jordaan.

## TENNISTOER:

# ENGELAND, HIER KOM ONS!

**Van al die sportsoorte waarvoor ons skool bekend is, het ons tennis die afgelope aantal jare beslis die meeste bekendheid verwerf en gevorder tot bo aan die ranglys van Suid-Afrikaanse skole.**

Wenners van die Administrateursbeker vir die afgelope drie jaar staan vanjaar weer 'n kans as ons kyk na die volgende prestasies deur ons tennisspelers gelewer sedert die begin van die Jaar:

1) Op 14 Februarie word ons skool besoek deur die gedugte span van Grey-Kollege, waar ons seniorspelers hulle skitterend van hul taak gekwyt het en die juniors Grey-Kollege se span heeltemal oorheers het.

2) Vir 'n onlangse vriendskaplike wedstryd teen Oos-Transvaal was al vier onder sestiens en al vier onder agtiens van die Noord-Transvaal span Affies.

3) Ons derde en vierde spanne wen onderskeidelik vir Boy's High en Menlopark se eerste spanne. Laasgenoemde is dan ook 'n bewys van die besondere diepte in ons skool se tennis.

## EERSTE KEER

Na aanleiding van bogenoemde prestasies en deur die inisiatief van Mnre. Bezuidenhout en Roesch is vanjaar geskiedenis gemaak deurdat ons skool vir die eerste keer ooit in Suid-Afrika 'n skooltennisspan oorsee stuur. Dié toer vind plaas gedurende die komende Paasvakansie wanneer vier O/18 en vyf /16 leerlinge onder leiding van Mnr. A.P. Bezuidenhout, Engeland gaan besoek. Die volgende leerlinge is gekies om ons skool te verteenwoordig: O/18 – Willem Nel (spankaptein), Pieter Smit, Ian Duvenhage en Fiedie du Toit. O/16 – Johny Sauer, Henkie Venter, Henk Basson, Jakobus Jordaan en Freddie Sauer.

## 10 WEDSTRYDE

Bogenoemde spanne vertrek op 25 April vanaf Jan Smuts na Londen waar hulle teen 7 skole en 3 graafskappe kragte sal meet. Die toer duur ongeveer 3 weke, waarvan die toerlede 2 dae in Rome sal deurbring.

Ons weet ons manne is gemotiveerd en ons wens vir Mnr. Bezuidenhout en sy span 'n voorspoedige reis, en aangename tennis toe!

## ONS HOOFMAN SPRAK SY SPROOK

**Vandag staan ons aan die einde van die eerste termyn van 1976. 'n Mens vra jouself onwillekeurig af: Wat het Affies bereik? Hoeveel het ek daartoe bygedra?**

Elkeen van ons het die termyn op 'n unieke wyse ervaar; sal die antwoorde op sy uniekie manier beantwoord. Hoe elkeen dit ook-al ervaar het, is die basiese ideale antwoord waarna 'n mens streef, en baie sal dit sonder twyfel met vrymoedigheid kon beantwoord (in altwee gevalle) "Meer as ooit tevore".

Wanneer mens op die wyse jou lewenservaring opdoen, met die doel om steeds te verbeter in verskeie opsigte en só jou talente te ontwikkel kom die ware genoegdoening ook vanself.

Die meeste Affies het alreeds hierdie genoeg doening leer ken. Die resultate spreek ook vanself: Hierdie ywer waarmee ons dinge aanpak maak elke dag, week, elke termyn 'n onvergeetlike ondervinding.

Laat ons voluit gaan vir alles wat ons doen! Geniet die vakansie, rus goed uit en bly fiks. Volgende termyn sal die Affies voortbou op die hoë standaard waarmee ons die jaar ingelyf het.

**Wynand Bezuidenhout**

## GENIET DIT

**ONS WIL** graag Seunshoër se tennisspan, wat hierdie vakansie gaan toer, alles van die beste toewens. Dis beslis nie elke dag dat 'n tennisspan van Affies oorsee gaan nie. Ons het gehoor dat julle vir 'n paar dae gaan vakansie hou in Italië – pas net op vir die Italiaanse meisies!

**Tennisspeelsters van Meisieshoër.**

## ATLETIEK OP PILDITCH:

# BYNA 'N BLOEDBAD

**Woensdag 25 Februarie en die Affies hou Interhoër. Eintlik was daar hier 'n bietjie vryf en daar 'n bietjie skaaf terwyl die Affies opgetrek het na Loftus Versveld stasie. Die ander geslag het groen van jaloesie die een periode na die ander deurgeswoeg.**

'n Klomp Affies is iets alledaags maar voeg 'n trein daarby en die resultaat is of baie goed of baie sleg. Dit hang natuurlik alles af van hoe die gees daarby gevoeg word (geklits, geklop geroer ens.) Affies, ek weet nie of dit geklits of geroer was nie, maar Affies, dit was goéd.

Laat ons nou 'n paar historiese oomblikke herleef. Iets wat baie hinderlik was, was die werpskywe en gewigte wat sommer van Wes na Oos hier voor jou voete op die pawiljoen beland het. As jy dan na jou verkyker gryp om te sien wie dit is wat 'n aksie teen jou het sou jy net so 'n bos krulle met bruin oë ewe nonchalant uit die sirkel sien tree het.

Leonie, die Affies is nou al amper gewoond aan S.A.-rekords van jou kant af. Wat van 'n wêreldrekord een van hierdie mooi dae?

Ja Affies, en toe kom daar mos sommer so 'n klein standerd sessie daar uit die dorre Wes Tvl. en kom skud haar kuikenvere hier in Pretoria reg. Sonder om te blik of te bloos spring sy hoog en hardloop sy hekkies en kom wys sommer terselfdertyd vir ons hoe atletiek lyk.

Mooi so Heidi, skud jou kuikenvere maar nog 'n bietjie meer reg. Ons gee nie om nie.

'n Krulletjie op die voorkop en 2 krulletjies langs die ore. Gee haar 'n 1500, 800 of 400 meter en kyk wat gebeur. Sy sal iets doen wat jou lank sal laat nadink, maar gee haar 'n span Affies atlete en sy verf Pretoria en Nelspruit altwee bloedrooi. Aan Elma en haar span dankie vir julle wonderlike gees en aan ons atletiekkoningin en al haar prinsesse; baie dankie dat u soveel moeite gedoen het om die onderdane aan die gang te hou.

Affies, almal sê altyd vir almal dankie en dan is almal altyd ongelukkig omdat almal iemand vergeet het. Kom ons sê net elkeen dankie aan onsself vir 'n wonderlike atletiekseisoen!

Nou kom ons by die grootste verrassingspakkie van die dag.



*Affies se vier mooistes op hul pos. V.l.n.r. Hildy, Christina, Joanie en Libby.*

Gewoonlik is 'n swemster se arms en bolyf 'n bietjie meer ontwikkel as haar onderlyf – dit is tog reg volgens enige normale mens se denke. Wel, hier het Juf. Bothma die Affies 'n onvergeeflike poets gebak. Ek weet nie of sy in die helfte omgedraai het en op haar hande verder gehardloop het nie, maar iewers was daar groot fout.

As mens mooi gekyk het by die wenpaal sou jy so 'n geel blits vir 'n breukdeel van 'n sekonde daar waargeneem het. Kom ons laat die aap uit die mou. Hier's die resep: 1 paar atletiekskoene met dik sokkies, 2 slank geoefende bene, 'n rooi rompie, 'n wit hemp en blonde hare. Voeg dit alles saam in die mengbak van die Stellenbosch se universiteit, klits dit so 'n bietjie met Affies se eierklitser en dan kry jy die puik resultaat.

## LEES BINNE:

FANTASTIESE KOMPETISIE – bl.2

* * *

HOEKIE VIR EENSAMES – bl.8

* * *

TOETS U INTELLIGENSIE – bl. 9

* * *

'N WETENSKAPLIKE STUDIE OOR DIE KOEI – bl.6

**Toiings Restaurant**

vir die beste en lekkerste

**BOEREKOS**

in Pretoria

Beleggingssentrum Nieuw-Muckleneuk

Tel. 78-5259

# WAT MAAK OOM KALLIE DAAR




# YOU AND I



Side by side, together – opposed.
In spite of each other, because of each other.
In the midst of lies and painful sorrows, –
Promises not meant for keeping, –
Curtains drawn but not for sleeping.
On top of the mountain
Stand You and I.

The eye of time looks on in wonder.
The circus band blares out its number.
Grey heads sitting in the sun,
Wond'ring what they might have done.
In the rushing, crushing pell mell dashing
flow of moment going by – Blowing winds
and falling leaves swaging trees that bend and sigh –
Prayers floating – hearts emoting – In the centre
ring stand You and I.

I wake up to a warm sunrise.
I am deeply moved by a shaft of sunlight –
breaking through the trees – by the sandpipers
on the beach running to and fro, playing
toy with the surf because of you. . .
I am a child – I look forward to each new day
with a sense of adventure.
Your presence brings peace to my heart.
Your touch is the warmth of the sun.

I walk softly through the valley of our love,
carefully – I avoid crushing the smallest leaf
or branch –
It is alive, – it is precious –
It is alive, – it is precious –
It is holy –
All the great mysteries are resolved
All the great questions are answered. **Wampie.**

# KOMPETISIE!

**Skryf nou in vir die unieke kompetisie. Al wat van u vereis word, is om met behulp van enkele eenvoudige wiskundige formules presies te bereken hoeveel e's in hierdie uitgawe van STROOMOP verskyn. Die voorwaardes is dat u nie van logaritmes gebruik mag maak nie, verder is daar geen ouderdomsbeperking of I.K. vereistes nie. Die pryse is as volg: 1e Prys: EEN foto van die personeel; 2e Prys: TWEE foto's van die personeel ens. . . .**

# DORP EN ROND

**STROOM-OP het gaan aanklop by die onverskrokke matrieks van 1976, en is vriendelik binnegenooi. Die luisterryke ontmoeting het die volgende wyshede bevat:**

**1. Mejuffrou Matriek, wat sou u sê het die afgelope vier en 'n kwart jaar aan u gedoen?**

**Dit het my laat besef: "There are more questions than answers".**

**2. Watter aandenking van die jare sal u met u saamneem in die lewe daarbuite?**

**My keppie.**

**3. Wat dink u van die jeug van vandag?**

**Hulle moet gekasty word.**

**Met dieselfde dapperheid, is daar ook met die lae stand gepraat – en bewend het die sessies geantwoord:**

**1. Liewe kuiken, hoe sien jy jou posisie?**

**Laag en nederig. Ek vrees en respekteer my meerderes en ek werk my byna dood. Ek weet ek is 'n kuiken.**

**2. Wat is vir jou die lekkerste van St. 6?**

**Oee! Al die lekker droogmaak!**

**3. Wat sal jy doen as jy aan die bewind van sake kom?**

**Huh? . . . Ek sal dadelik van die twee skole een maak; ek sal die koshuis baie meer voorregte gee, ek sal minder toetse laat skryf; ek sal sê die seuns moet beter saamwerk met die meisies; ek sal sê . . .**

**Ja toemaar, liewe Kuiken, jy sal tog nooit aan bewind van sake kom nie!**


Brylcream – hare
'n kam vir sy kuif
'n versluierde kyk
en 'n glimlag onskuldig – (!)
dis syne.
Maar as die matrieks verbyloop
dan gaan hy oor die lyne . . .
Raai, raai wie is dit?

St. 10.

# TOP HITS 10E 1976

1. Hilde van Robbroeck – Leader of the Pack
2. Lianda Beyers – Stille rivierstroom
3. Barbara Adendorf – Baby love affair
4. Libby Daniels – Crazy horses
5. Joanie Combrink – See me, feel me
6. Franzi du Preez – Bridge over troubled waters
7. Hildy Pepler – Glimlag
8. Antoinette van Lingen – Georgie Porgie (pudding and pie?)
9. Carin Roos – One broken heart for sale
10. Amanda Wink – Piano man
11. Amora Snyman – Bohemian Rhapsody
12. Jessie Millar – Sexy ways
13. Alza van Rensburg – Feelings
14. Elize Botha – Butterfly
15. Trudie de Ridder – Sweet Freedom
16. Louis Marais – Liefde is 'n roos
17. Elmarie van Zyl – Send in the Clowns
18. Carien van Rooyen – Lady lay
19. Heloise Smit – Long cool woman in a black dress
20. Petra Combrink – Halleluya!
21. Tersia Geyser – Die Stellenbosch se boere
22. Adri Louw – Henry, let's go to town
23. Johanna van Alphen – Silence is golden
24. Ida Keyser – I'm on fire
25. Petra Cloete – Kom dans Klaradyn
26. Alma Visser – Affie Boys are fine
27. Maureen van der Walt – The little red donkey
28. Hanlie Groblaar – Sounds of Silence
29. Dina Cloete – Maar in Amerika
30. Ilze Holtzauzen – Ballroom Blitz
31. Hanlie Oberholzer – I wonder
32. Marleen van der Westhuizen – I'll find a way
33. Margaret Kleinhans – Dreams are good friends
34. Karen Retief – Nights in white satin.

**Gruesome Ghresh**




**KLAVIERE:**
STEINWAY
BECHSTEIN
BUSENDORFER
AUGUST FORSTER
OTTO BACH
WELMAR

**ORRELS:**
LOWREY

**GLENFAIR Apteek en Medisynedepot**
**SANLAMSENTRUM, LYNNWOOD MANOR. TEL: 474516**

**COMPUTICKET**
REVLON
LANCASTER
ARAMIS
OLD SPICE
*Onthou die DROMMEDARIS en die DOLFYNE vanaf Februarie by SANLAMSENTRUM*

***Ondersteun die Kreupelsorgvereniging***




# NUWE WERKESELS OP AFFIEPLAAS

**Affies het dertien nuwe leermeester- en meesteresse aan die begin van 1976 bygekry.**

**Woensdagoggend, 7 Januarie 1976:**

**Vroeg die oggend het Mnr. Blaauw hier aangedraf gekom, gevolg deur Mnr. Raath wat soos 'n "bulldog" kort op sy hakke was. Nie lank hierna nie, het ons die "tap" aan die deur gehoor toe mnr. du Plessis homself kom aanmeld. Uit die rebellie het ons 'n patriot gekry in die vorm van Mnr. Bart Venter (Nel).**

Alhoewel Mnr. Meyer homself as die vinnigste onderwyser beskou, het hy op pad na die skool baie moeilikheid gehad om by Mnr. Blaauw se langasem by te hou.

Mnre. Pretorius, Swart en Burger was skaars hier, toe hoor ons al die gewerskaf in die Wetenskaplaboratorium waar mev. Stander besig is om die Affie-soppies op heel wetenskaplike wyse aan die kook te hou.

Mnr. du Preez is by ons almal bekend en is al 'n deel van die skool, en "ou tatta, by hom wérk jy!".

Mnr. Oosthuizen is 'n belangrike bron van inligting vir die Affies se beroepskiesers. Nog voor jy "gabiep" kan sê, is jou probleem op 'n heel deskundige wyse opgelos.

Soos dames maar is, is hulle gewoonlik laat en Mev. Langley en Mev. Kemp het eers 'n paar dae na die skool begin het, hier by ons aangekom. Mev. Langley is 'n oubekende en ons weet dat sy eintlik baie tyd moet bestee aan die afrigting van ponies vir verspringkompetisies. Nogtans het sy ingestem om ons te kom help.

Aan al ons nuwe personeellede, ons hoop u geniet dit hier by Affies en ons wil die wens uitspreek dat u nog lank hier by ons sal bly.

**Sarel Koen.**

# LEWE

**Die Lewe**

Die lewe is 'n lied
maar somtyds ook verdriet.
Jy maak, jy breek,
jy bemin, jy wreek.
Jy plant voort
maar gaan ook dood.
Dis 'n kringloop van die tyd.
Die een verskil van die ander,
Die een is lui, die ander skrander.
Maar altyd moet jy dit onthou,
God het my lief, maar ook vir jou,
Want dit is wat die lewe nuttig maak
as jy weet daar is iemand wat oor jou waak.

**Wampie**

**Ondersteun ons Adverteerders**

# REDAKSIE

HOOFREDAKTEUR:
C. Mulder
SUBREDAKTEURS
H. Fourie (Administrasie)
C. van Wyk (Sport)
M. van Zyl (Sosiaal)
S. Brönn (Fotografie)
VERSLAGGEWERS
C. Heyns
L. Botha
S. Koen
J. de la Harpe
H. de Swardt
J. van Schalkwyk
A. Joubert
P. Louw
K. Wessels
C. Gerber
A. Trichardt
P. Joubert
M. van der Nest
FOTOGRAFIE
A. van der Walt
P. Wolmarans
D. Bezuidenhout

ADMINISTRASIE:
C. Fourie
J. Pretorius
S. Burger
H. Meyer
KUNS:
A. Engelbrecht
A. Engelbrecht
R. Franzen
J.C. Botes

# *AFFIES SE EIE "TEMPESTS"*

**Mnr. Uys:** Your tale, sir, would cure deafness.
**Mnr. Raath:** Thour shalt be as free as mountain winds: but exactly do all points of my command.
**Mnr. v.d. Westhuizen:** An undergoing stomach, to bear up.
**Kantoor:** Hell is empty and all the devils are here.
**Leerlinge:** Not a hair perished.
**St. Tiens:** I prithee. Remember I have done thee worhy service. Told thee no lies mode thee no mistakings, served without a grudge or grumblings: thou dist promise to free us in a full year.
**Mnr. van Staden:** Awake, dear heart, awake! Thou has slept well: awake.
**St. Sesse:** Thou poisonous slave, come forth.
**Mnr. Roesch:** Alack for mercy.
**Mnr. v.d. Westhuizen:** Prithee, so not tare me about, my stomach is not constant.

**(vervolg op bl. 8)**

# SKRIKKELJAAR

**Wel, dis mos die jaar wanneer die skoner geslag die "bebaardes" vra vir funksies hier in Affieland! Wel, hulle het probeer, maar het powere samewerking gekry waar hulle darem 'n bietjie ondersteuning van die ous verwag het.**

Ter opbouing en hernuwing van die gees, het ons meisies (LW die st 8 en Matrieks) probeer om 'n sukses daarvan te maak deur die "broers" te vra vir funksies. Ek kan nie juis sê dat hulle saamgewerk het nie, – dit was alles 'n volslae mislukking! Eerstens het die matriek meisies 'n klomp van die ous gevra, maar hulle antwoorde was dat hulle die meisies sou vra indien hulle saam met die meisies wou gaan. Toe die St 8's weer probeer, vasberade om hierdie keer 'n sukses daarvan te maak, gebeur maar net weer dieselfde. Wat is dit dan met die ous!? Ons het hulle geheel en al nie gevra om met ons te trou nie, allermins! Nie een, waarborg ek julle, van die skamele een of twee of selfs drie ous wat "ja" gesê het, is dood nie. En dan, na alles het die matriek ous nog die vermetelheid om te sê dat die matriek meisies hulself te goed ag vir die ous deur met "varsity"-ous uit te gaan!

Ek dink dat die ous hulle oë moet oopmaak en sien dat daar baie ander meisies ook in Affieland is en dat die skool nie net uit 'n horde sogenaamde "snobistiese" matrieks bestaan nie!


Ous, as julle nog kan kla oor die swak gees wat tussen die skole heers, kan ek net een ou boereraat voorskryf: Kyk of die helfte van die fout nie dalk by julle lê nie, en indien wel, probeer dan ook van julle kant af om die gees te verbeter.

**Natali St 8**

**– Die matrieks sal hulle eie beslissings neem, dankie, – RED**

## *Raai, raai ...*

Raai, raai wat het motors en vroue in gemeen?
Met die jare raas albei meer.

**Skoolverlater of student... daar's nog 'n standerd waarin jy kan presteer.**

Die Standard Bank.
Nou dat jou opleiding agter die rug is, sal jy na 'n lonende en stimulerende loopbaan begin soek.
Die Standard Bank soek mense soos jy met ambisie en ondernemingsgees.
As werknemer by een van die grootste en mees dinamiese finansiële organisasies in die land is jou vooruitsigte buitengewoon goed.
Na 'n aanvangstydperk kan jy in 'n groot verskeidenheid loopbane opgelei word. Van Eiendomme tot Werkstudie. Van Buitelandse Handel tot Rekenaars. Van Personeelkunde tot Ekonomiese Navorsing.
Dit maak nie saak wat jou ambisie in die lewe is nie, op die Standard kan jy staatmaak om jou te help om dit te bereik.
Skryf aan, of skakel die naaste Takbestuurder, of Streekspersoneelbeampte.

*Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Handelsbank)*

**Standard Bank**

**Waar 'n persoon hom in 'n loopbaan kan laat geld.**

LINTAS SB/11387/FP/A

# Bedrywighede in die Klapperkop-kommando

**Klapperkop is die tweede grootste Voortrekkerkommando in die Republiek. Ons is 'n groot groep Voortrekkers wat saam werk, lag en sing. Ons kommando is geensins gebind aan 'n sekere skool of skole nie. Ons offisiere is feitlik almal ouers, studente en ander Voortrekker-vriende.**

Die Voortrekkerwerk wat deur die onderskeie spanne gedoen word, dek 'n wye veld. Die resultate wat verkry word by die toetsing van Spesiale Onderskeidingskentekens, is baie goed.

Behalwe spanvergaderings, word daar ook verskeie ander byeenkomste gereël waarby die Voortrekkers betrek word. Elke kwartaal word daar bv. 'n Verkenneraand gehou. Hierdie aande word deur die Verkenners self gereël en het al verskeie vorms aangeneem. 'n Pannekoekaand wat onlangs gehou is, het groot byval gevind.

Ons is lief vir die buitelug en om dié rede word daar heelwat kampe gehou, waar ons die geleentheid kry om buite te werskaf. Daar word elke jaar 'n kommandokamp vir elke veldkornetskap gereël en verder vind daar ook span- en groepkampe plaas. Die Verkennerkamp het hierdie termyn gedurende die langnaweek plaasgevind. Die kamp het op 'n kompetisiebasis plaasgevind, waar die spanne in verskillende groepe teen mekaar gekompeteer het. Die kompetisie is op 'n baie interessante manier aangebied. Daar word weer eens 'n Bergklimtoer na Mount-Aux-Sources gereël vir die komende vakansie. Sowat 35 Verkenners sal hierdie toer meemaak.

# LUNSKLIP

**Dit is die alombekende senior veldwerkkamp in die omgewing van Potgietersrus, Pietersburg. Daar word uitsluitlik een kursus gevolg, nl. Selfbehoud. Dit sluit afdelings soos: oorlewering, kommunikasie, selfverdediging, skietkuns, meer omtrent diere en plante, vermomming en bekruiping, ens, in.**

Die hoogtepunt van die kamp is gewoonlik die "oorlog" tussen die offisiere en verkenners op tradisionele wyse, wanneer onskadelike koeëls uit R1-gewere deur die offies gebruik word en die vories hulself moet verdedig met blaaspype en inkkoeëls.

Hierdie kamp is voorwaar 'n sterk aanbeveling vir al wat 'n affie-verkenner is!

**Hanlie**

ALGEMEEN

**Baie geluk aan Ilse de Graaff, Hanlie Grobbelaar, Hendrik de Swardt en Robert Young (almal van die Dirkie Uyskommando) wat vir die verskeie binne- en buitegroepe vanaf 18-29 April te Lunsklip gekeur is.**

Dankie Klapperkop vir die beriggie van julle kommando – ons hoop die ander kommando's volg julle voorbeeld nie.

Alle nuus, staptoere en ander hoogtepunte van julle kommando's kan al van na die vakansie af by Marie-Louise of Petra ingelewer word. Hou lekker vakansie, kamp lekker en hou ons Voortrekkernaam hoog.

**Marie-Louise**

HOU KOERS

# Die Voortrekkers

**Die Voortrekkers is die jeugbeweging wat jou sal help om méér diensbaar te wees, méér diensbereid, méér bedrewe in die vaardighede wat vir jouself en jou land van belang is; fisies méér geskik tot arbeid en tot diens.**

Die Voortrekkers is die Beweging wat jou die geleentheid bied om nuwe dinge te ervaar, méér avontuur te beleef; ook om self méér doelgerig te wees in die lewe; ons land en sy natuur beter te leer ken.

Die Voortrekkers bied jou die geleentheid tot kameraadskap; die kans om saam met jou maats te sit en sing om 'n dromerige kampvuur; om berge te beklim; om snags ver onder die sterre te slaap; die kans om myle te stap oor ons velde; die kans om die eensaamheid te soek; die kans om te droom; die kans om te werk . . .

. Die Voortrekkers bied jou 'n wonderlike geleentheid: Benut dit!

Baie dankie aan Stroom-op vir die gedeelte aan ons toegestaan vir Voortrekkernuus.

**(Vories)**

# Landsdiens



**Dis 'n lekker, lekker lewe om 'n landsdiener te wees! Ons het almal na die Roodeplaatkampterrein gegaan om uit te vind hoe lekker dit is. Nadat ons 5 minute daar was, het ons reeds besef dat ons nie Maandag sal wil huis toe gaan nie.**

Ons is o.a. toegespreek oor voëls, en ek is seker daarvan dat elkeen van ons nou met nuwe oë na voëls kyk.

Saterdagmiddag boeresport! Boere, dit was meer sports as sport. Almal het letterlik in die stof gebyt met die toutrek.

Dit is met die hindernis wat daar werklik talent openbaar is. Om onderdeur 'n bokseil te kruip of lemoene in water uit te "vis" is geen grap nie! Daar is ook nog konsert gehou en Maandagoggend is almal moeg-moeg huis toe.

Ons is dit almal eens dat C.R. Swart 'n feestelike kamp vir ons gereël het. Ons het dit baie geniet, en sê baie, baie dankie.

Groete aan al die medekampeerders.

**Louise Viljoen.**

# Drakensbergstaptoer

**Elke Augustus skoolvakansie bied die Transvaalse Voortrekkers 'n Drakensberg staptoer aan. Ses Affies het hierdie staptoer verlede jaar meegemaak.**

Maandagoggend 18 Augustus 1975 het ons van die stadsaal vertrek. Daar aangekom het ons kamp opgeslaan en die omgewing verken.

Dinsdag besoek ons die Sondagvalle. Dinsdagaand word ons toegespreek oor "Die mens en die besoedeling van die natuur".

Woensdag is begin met "Genot van oggendlug". Ons stap ook na die Kloof en Duiwel se Tand waar ons met 'n kettingleer na bo klim

Donderdag was die hoogtepunt van die kamp toe ons met rugsakke, slaapsakke en kos vir twee dae na Mount-Aux-Sources vertrek het.

Al teen die helling van die berg het ons geloop met kranse aan die een kant en die afgrond aan die ander kant. Die zig-zag het ons BAIE moeg gemaak. Toe ons naby die kettingleer kom, het die weer opgesteek en ons moes roer om die hut bo-op die berg te haal. Net bo die kettingleer het die sneeu ons onkant betrap en kom ons nat en koud by die hut aan. Vrydagoggend was die tandepasta gevries. Ons sien mooi sonsopkoms en asem skoon berglug in.

Vrydagoggend moes ons weens die sneeu terugkeer na die kamp. Ons het met die "Gully" teruggekeer. Terug in die kamp kom ons op Sias se landloopspan af. Ons simpatiseer met hulle oor die ysige koue op die berg – hulle sou die volgende dag opgaan.

Saterdag was ons na die "Spelonk" toe. Ons reën nat maar wat gee ons om. Sondagoggend woon ons die erediens in die NG Kerk Bergville by. Sondagmiddag moes ons nog met seer voete en bene na die "Guduvalle" toe stap.

Maandagoggend vroeg het ons terug gekeer na 'n baie lekker toer. As jy nog nie op so 'n toer was nie, moet jy regtig nou plan maak. Bergetoer is altyd 'n fees. Alle nie-Voortrekkers, julle kan gerus Mev. de Vos se staptoere meemaak!

# Nuusflitse

**WESTFALIA** is die junior veldwerkkamp van die Voortrekkers. Hierdie kamp is tussen die pragtige woude van Duiwelskloof geleë. Talle Voortrekkers van die hele Noord-Transvaal kamp elke jaar op Westfalia. Vorige jare het dit al gebeur dat reën en modder ons vriendelik daar begroet. Dit kon natuurlik ons "Voortrekkerwees" nie ondermyn nie. Inteendeel, die "gees" is dan eers fantasties. Die gunsteling liedjie van die Verkenners is dan natuurlik ook: "Alle kampe het rampe . . . net Westfalia het tien."

Ons het nie net heeldag lesings nie – ons ontspan ook en as dit sulke tyd is, is die meeste natuurlik op die "glyklip". (Die "glyklip" is in een van die bergstroompies).

Westfalia bied verskillende kursusse aan soos bv. Natuurbewaring, Landsdiens, Noodhulp, Joernalistiek en Kookkuns.

Neem deel aan die Provinsiale kampe van die Voortrekkers. Jy sal nooit spyt wees nie.

**Marie-Louise**

★

Die amptelike vlotvaart vir die senior Verkenners het om 8nm op Vrydag 10 Oktober begin. Daar is na 5 verskillende punte oor die dam geroei. Saterdagoggend om 3 vm het ons by die eindpunt aangekom.

Geluk aan die Koedoes wat die Seerowers gewen het maar onthou net . . . 1976 het weer 'n Vlotvaart.

**Seerower**

★

Ons Verkenners woon ook graag Provinsiale kampe by en die resultate wat tot dusver daar bereik is, is uitstekend. By verlede jaar se Veldwerkkampe gedurende die April vakansie het 'n hele aantal van ons Verkenners as groepleiers en -leidsters opgetree. By die Kompetisiekamp het van ons junior Verkennerspanne eerste en tweede plekke behaal. Tydens die Vlotvaart te Hartebeespoortdam, het Klapperkop as die algehele oorwinnaars uit die stryd getree!

Tydens die 15-jarige Republiekfeesviering, wat saamval met die Internasionale Voedselskou, word daar 'n optog van dertien vlotte, (gebou deur verskillende kommando's in Pretoria), gebou. Die vlotte sal die laaste twee reëls van "Die Stem" uitbeeld. Klapperkop bou die vlot met die leuse: "Ons sal sterwe."

Bogenoemde is slegs enkele voorbeelde van al die bedrywighede in ons Kommando. Ek kan julle verseker dat dit 'n voorreg is om aan 'n Jeugorganisasie soos die Voortrekkers en 'n kommando soos Klapperkop te mag behoort. Talle mense offer hier ure op om van die Jeug ware Burgers te maak!

**Marisa Meiring**

★

**ELKE** Augustusvakansie vind die kompetisiekamp van die Transvaalse Voortrekkers plaas. Daar is drie groepe nl. die Opleidingsgroep (St. 5), die Juniors (St 6 en 7) en die Seniors (St 8-10).

Dit is voorwaar 'n week van harde werk, maar daar is genoeg wat daarvoor vergoed. In die aande word daar gesing en skyfies vertoon of party aande word volkspele gehou. Een aand word daar ook 'n nagmars gehou.

Alles op die kamp vind op kompetisiebasis plaas. Van die stokke wat aan jou verskaf word, moet jy 'n opwasbak, 'n tafel, genoeg sitplek vir die hele span en 'n staander vir 'n skottel maak. Jy moet ook 'n werkende "yskas en stoof" optower. Elke dag moet daar volgens 'n voorgeskrewe spyskaart kos gemaak word. Daar vind natuurlik gereeld ruilhandel met jou buurspan plaas as die een of ander eksotiese dis misluk het.

In die middae is daar spesiale toetse wat beoefen word soos dril, sang, bekruip, algemene kennis, noodhulp ens. Soggens en saans word 'n groot parade van ongeveer 750 voortrekkers gehou.

Sluit aan by die Voortrekkers sodat jy ook kompetisiekamp toe kan gaan. Dit is sowaar die moeite werd.

**Wilma Niesing.**

TUDOR Phamacy Apteek

Kerkstraat 225
Pretoria

22814/33058



SUELENE MODES
Sanlamsentrum
Lynnwood Manor
Tel: 474753
La Finese; Gap; Mr. P; Le Greg; Jaxly; Seagull; Fairweather; Jane Milana.

GLENFAIR
Drankwinkel
Sanlamsentrum
Lynnwood Manor

Tel: 474509/474563

Gratis aflewering na alle voorstede van Pretoria

# Puellarum Artes



**SIELERUS.**

Help ek versmoor!
O, die betonstad en stede.
Oral word daar gemoor –
my siel smag na innerlike vrede.

Waar kan ek myself vind
ver by die Reënboogberge,
Soontoe sweef ek op die wind
en dar daar wil ek sterwe. **Wampie**

**EROICA** (Aan 'n seun van verre Suidwes)

Die son broei oor 'n
bossieveld – staan
bakbeen en reierdroom
want twee kinders speel
'n stofstreepwang en bruin oë
vang die lewe bakhand op –
eendag wil ek so 'n seuntjie hê

lewe is dié offer van liefde en
'n kind sterf
om te leef . . .

**Lianda Beyers**

## 'N BIETJIE SOUT EN PEPER

**NOU DIE DAG** hoor ek mos van iemand wat sê dat 'n mens vir jouself 'n identiteit opbou. Dit wás vir my 'n openbaring, want ek het nog altyd geglo dat die grondslag van jou identiteit in jou wese ontkiem en gebore word.

Maar om vir jouself 'n identiteit soos 'n muur te bou . . .? Nee, dit is glo maklik, hoor ek toe. Koop noupassende "jeans" dra 'n vormlose trui daarby, plak 'n kits glimlag op jou gesig en voilá! Jy is gereed om die wêreld met jou onverskillige, nonchalante identiteit te konfronteer!

Spring in die lewenstroom, was die raad wat ek gekry het. Moenie op die wal bly staan nie, moenie 'n muis wees nie! En asseblief, moenie so ernstig omtrent die lewe wees nie! Word 'n allemansvriend!

Ek het toe baie gedink oor myself en die rafels van my verskeurde (gewaande) identiteit langs die pad van ons woorde probeer optel. En toe ek nog so buk ontdek ek dat alles rustig en stil is hier binne in my. Met die orentkomslag weet ek toe dat ek tuis is. Tuis in my klere, tuis in myself. Ek ken my paar vriende en ons maak ons hande saam warm in die lewe se humor en deel dieselfde sakdoek vir ons trane.

Nee wat, dink ek toe. Jy kan jou duisend halwe vriende hou en jou vreemde identiteit wat maar net 'n skans is.

Ek het my identiteit nie gebou nie, dit is in my gebore.

**Lianda Beyers – 10E.**

**KANKER-GERF**

Ek is moeg getrek
en moeg geswerf
en ek wil net iewers
alleen wees en
myself eenkeer
tot stilstand dwing
om te dink en om
te lewe.
Want ek is so
moeg, so moeg vir
die hospitaalbed
en so moeg vir
die siekte wat
my stadig uit-
mergel.
Ek is moeg.

**Lien**

## KLASSIEKE KLUB!

Ons eerste vergadering is bygewoon deur talle gretige Affies (hoofsaaklik koshuisbrakke) wat met groot bewondering die film "Quo Vadis" bekyk het. Daarna is verskeie ander films oor Rome en Italië vertoon en met die aantreklike verversings wat verkoop is, het ons getalle ook baie konstant gebly. Ons het die dag van Julius Caesar se dood (15 Maart) op 16 Maart herdenk deur 'n heerlike, en unieke Caesarfees te hou. Elkeen met haar eie toga en lourierkrans het die "klassieke" Affies hulle op die mat van die saal, in eg Romeinse styl neergevly, om te luister na toesprake so eg uit Cicero se tyd. Die standerd 6 en 7 lede het toe die slottoneel uit André P Brink se drama: "Caesar" opgevoer. Brutus en Cassius het hulle goed van hul taak gekwyt en die bloed het gespat. Daarna het ons heerlike vrugte geëet, vrugtesap gedrink en lekker gesels. Twee films is vertoon. Die een was uittreksels uit Shakespeare se drama: "Julius Caesar."

Die Klassieke Klub beywer hom vir die bevordering van die belangstelling in alle terreine en fasette van die Antieke wêreld. Ons spreek die hoop uit dat hierdie klub voortaan nog net soveel ondersteuning sal geniet en dat die Affieopvolgers van vanjaar se stigterslede die klub se naam met net soveel entoesiasme, hoog sal dra. Ons bedank Mev. Schoeman wat die voogdes van die klub is, graag vir al haar moeite met al die reëlings.

Et tu, Affie? Kom jy ook Dinsdagmiddae?

**Klassieke Klub Bestuur**

Besoek **FOTOLAND**
Die familie-fotograaf vir al u foto's
Ons spesialiseer ook in volkleur foto's vir huwelike.
**Queenstraat Pretoria**
**Tel.: 23325**

## LABIRINT

Tussen die huiwering van vergetelheid
en die reiking na sukses
Dwaal ordelose wesens
sonder begrip of stamboom rond
met net die spiraalvormige son
en 'n skewe wind om hulle

Hulle voetval is dof
deur 'n perspex van beweging
waar neonligte
vraagtekens uitstrooi
oor dit wat lewe genoem word . . .

**Susan Botha 9E**

**STIL DAE NA ETE**

Na ete het ons stil die kamer binnegekom
en sonder om die lig aan te skakel
stil op die bed voor die venster gaan sit.
'n Morbiede wysie het in die agtergrond gespeel
en almal het gesit en gekyk
na al die wolke naby die plat kant van
die land.

Die tinte en nuansies van ligpers tot goud . . .
en later het die son gesak
en 'n klok het gelui.

Traag het ons opgestaan.
Die droom het gebreek, maar ons vriendskap sal nooit.

Ons deel alles en ervaar alles saam.
Kom! Ek abba jou!
Ons lag die trap af.

**Lien St 8F**



## DIE AFRIKAANSE DEBAT – MATRIEKS SKITTER!

**Die matrieks van 1976 het die vaandel hoog gehou en die skitterende wyse waarop hulle die debat aangebied het stel 'n voorbeeld vir die res van die jaar!**

Maar hoe kan dit ook anders as vlot verloop as Kobie die voorsitster van ons debatsbestuur is?

Die spreeksters (wie sê meisies kan nie redeneer nie) het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt. Die tema "Voldoen onderwys tans aan al die vereistes om sy matrikulante behoorlik toe te rus vir die volwasse wêreld?" is behoorlik toegelig deur hulle.

Die Gaskunstenaars het vir oomblikke van louter vermaak gesorg. Hildy, Joanie en Libbie het aan ons gewys dat hulle nie net kan dirigeer nie!Anna Botha het bewys dat sy nie vir Liza Minelli terugstaan nie en Elmarie het met 'n kritiese oog na skemerpartytjies gekyk!

Die uitslag: Onderwys tans berei sy matrikulante nié voor vir hulle latere lewe nie!

**Lianda Beyers**

**FOOLISHNESS**

Every fool has a time
And one fool at a time
So every April fool
That is caught out to be a fool
On Aprilfoolsday
But one fool
May not be such a fool
As the other fool
As one fool
Can fool another fool
On Aprilfoolsday
And not be such a fool himself
By making a fool of another fool
Don't be foolish, fool!

**INTERDEBAT**

**MATRIEK-ONTBYT**

Om in matriek te wees
is een groot FEES
En maak ons graag tyd
Een Saterdagoggend vroeg
Vir 'n matriek-ontbyt
met pret en volop jolyt!

Saam met
Juff. Hönck en Geldenhuys
het ons per bakkie gereis
Na die fonteinedal waar
ons sou eet en baljaar!

Ons het ons gate uit geniet
En was die vroeg – opstanery
toe glad nie verniet
Maar voor ons ons kon kry
Was die dag alreeds verby
Maar dit was 'n fees
En dit is lekker
om in matriek te wees!

**Alma Visser**

**THE WAY OF ALL THINGS**

Dawn breaks.
Each shining drop of dew –
A masterpiece
Sparkling in the early rays of the sun.

A bird's warbling song breaking the silence
A new day has begun.

Afternoon.
It is hot.
The blue sky shimmers in the heat.
Dotted around
are a few whisps of cloud.

The birds chirrup lazily
in the trees

Evening.
A gentle breeze cools the air
Whispering softly
Hardships are forgotten
In the quiet peacefulness

Somewhere a bird sings on
Alone . . .

Night
A star appears
First one . . . then more!
Twinkling in the darkness
that has crept in

The birds are silent – heads tucked under wings.
Asleep.

**Marianne Olivier**

## SPREKERS BY SAALOPENING

**Ons was hierdie afgelope termyn baie bevoorreg met die sprekers wat by ons opgetree het. Afgesien van die hoof was daar ook 'n hele paar ander sprekers.**

**Ons dink byvoorbeeld aan die Gideons, waar Dr. Chris Joubert aan leerlinge wat nog nie so 'n Bybeltjie in ontvangs geneem het nie, een gegee het. Ons sê vir hulle dankie en wens hulle sterkte toe op hul pad vorentoe.**

Ons was ook bly om Prof. Flip Smit by ons te kon verwelkom. Prof. Smit is verbonde aan die fakulteit Aardrykskunde by U.P. Hy het veral met ons gepraat oor die situasie in Suidelike Afrika. Deur die heeltyd ons aandag te prikkel en deur middel van sy feitelike weergawe het hy ons so geïnspireer dat die mense van bo uit Afrika gerus maar kan kom. Hulle sal agterkom dat ons hier is om te bly, om rede ons deel van Afrika is en dus nêrens heen kan gaan nie.

'n Groot hoogtepunt was natuurlik die besoek van Affies se eertydse hoof, Prof. Gert Potgieter . Dit is altyd 'n voorreg om na so 'n man te luister. Prof. Potgieter is al op 'n gevorderde leeftyd, maar in sy gees leef hy nog saam met die Affies en stel hy nog altyd in hulle doen en late belang. Ons wil hom hartelik bedank vir sy teenwoordigheid en hoop om weer in die toekoms van hom te hoor.

En dan, seker die grootste hoogtepunt was Woensdag die 24ste Maart. Vyf van ons skool se Sportmanne het die dag oor spesialisasie in sport gepraat. Hulle het die voor- en nadele daarvan uitgewys Ek dink dit was 'n reuse-sukses, veral in die lig van die afgelope swem- en atletiekseisoen, maar ook met die oog op die komende Rugbyseisoen. Almal sal met my saamstem dat ons graag **meer** van hierdie soort praatjies wil hoor, waar die Affies self ook betrek word en hulle hul mening oor 'n saak kan lug.

Ons sê ook dankie aan die sekretaris van die Voortrekkers wat ons kom toespreek het oor hierdie mooi beweging.

Prof. Putter van die Potchefstroomse Universiteit het ook 'n baie belangrike en interessante praatjie oor ons fisiese weerbaarheid, veral met die oog op sport gelewer. Ons sê baie dankie en hoop om weer van hom te hoor.

Ons moet ook baie dankie sê aan Mnr. Reineke vir sy interessante praatjie oor monumente. Dit was baie leersaam.

Ons hoop dat daar met hierdie goeie gebruik volgehou sal word en dat ons nog baie sprekers in die toekoms sal hê. Kom ons kyk of ons nie volgende termyn elke Woensdag 'n spreker in die saal kan hê nie.

**ARTICO** displays
FREE-LANCING
COMMERCIAL ARTIST
* WINDOW-DRESSING
* TICKET WRITING
* POLYSTRENE WORK
* DESIGNING
* SILK PRINTING
**TEL. 22968**
**Aft. Hrs. 447618**

## KULTUURKLUB

**Letterkunde, musiek, ballet en Kuns word skielik die middelpunt van belangstelling van 'n groepie dogters wat hulself die "Kultuurklub" noem. En moenie dink dat hierdie nuwe vereniging slegs drome droom en planne beraam nie . . .**

Die Kultuurklub spog alreeds met 'n besoek van Hannes Horn, 'n bekende in dramakringe en seniorlektor in Drama by Tukkies.

Mnr. Horn verstaan sekerlik die kuns om sy gehoor te boei! Hy het die woordspel in 'n fyn kuns omskep sodat woorde ronde spoelklippies in sy mond word, ryk aan nuwe betekenis.

"Projekteer jou stem na jou toehoorders," maan hy, "moenie mompel nie!" Sy boodskap: "Wees jouself! Jou ware gesig is dié een wat vroegoggend onder 'n bos deurmekaar hare en met skanslose oë na jou terugkyk uit die spieël!

"Wees eerlik met jouself! roep jouself nader en kyk jouself in die oë.

En sy hande praat saam, lag en praat tot hy 'n eenheid word, sy liggaam – 'n stem.

En dit is nie al nie . . . Ons verwag sommer nog groot dinge van die Kultuurklub! Die jaar is nog lank . . .

**Lianda Beyers – 10E.**



# LOVE HURTS

**Dit is opvallend dat romanse 'n groot rol speel in die lewe van die Affie – leiers hierdie jaar. In meeste gevalle duur die verhoudings nie net maande nie, maar party wel 'n paar jaar.**

Ons kan natuurlik nooit vergeet van die jare lange verhouding tussen Ronel en Kroes nie. Met haar voorbeeld van 3 jaar is 'n baie hoë standaard gestel vir toekomstige hoofmeisies.

'n Baie goeie voorbeeld hier te sprake is die geval van Riana en Hennie. As hoofmeisie van die koshuis doen sy baie beslis haar plig om 'n puik voorbeeld te stel vir die res van die koshuis. Sterkte vir die toekoms en mooi so met julle 2 jaar wat verby is.

Voor ek vergeet – ons kan natuurlik nie voorbeeld van die koshuishoofseun miskyk nie. Kom Affies, hoe sal dit wees as almal die voorbeeld van Alma en Corné volg – hulle wat na 'n jaar nog nooit gestry het en by die dag gelukkiger word.

Wynand kan nie agtergelaat word nie. Tot almal se groot spyt (en dikwels ook hartseer) is hy nie vatbaar vir vaste verhoudings nie. Hoe lyk dit dan Wynand? Wat van 'n meer positiewe reaksie van iemand soos jy?

**"Soekie in matriek"**

# 'n Jagtog in die direkte vertaling in Engels

**Dit was 'n heerlike somermôre. My swaer en ek het besluit om te gaan jag. Broer John het dié voorstel ondersteun en so het ons met my pôr-pôr in die pad geval. Broeder John was baie nougeset om nie vinnig te ry nie, omdat hy bevrees was dat sy nuwe panamahoed sou afwaai.**

Bredenhaan was die ramkat onder ons. Hy kan spekskiet soos 'n tandetrekker. Die agtermiddag het ons begin jag.

Terwyl ons besig was om te drafstap deur die witgatbosse, het 'n luiperd voor ons verskyn. Ek het die geweer aan my skouer gegooi en die sneller getrek sonder om te korrel.

"Beesblaas!" het Bredenhaan gejuig, "jy het hom raak geskiet, ou doring!"

Ons het na die plek gehaas. Voor ons het 'n Swarwitpens gelê, pas dood.

Nietemin het ek daarvan vergeet. Ek was gelukkig om 'n paar steenbokke, meerkatte, twee volstruise, 'n waterbok en ten laaste 'n pieringneusmuis te skiet.

**VERTALING:**

It was a nice summer morning. My heavy and I decided to go and chase. Brother John undergroaned the proposal and so we all fell in the road with my pur-pur. Brother John was very narrowfitted not to drive to fast because he was afraid that the wind would blow off his new father-aftermother hat.

Broadcock was the ramcat under us. He could shoot bacon like a toothpuller. The hindnoon we began chasing while we were trotwalking through the white-holebushes, a lazy-horse forshined before us. I threw the rifle to my shoulder and pulled the quicker without graining.

"Beastbladder!" Broadcock cheered, "You have shot him, old thorn!"

We hared to the spot, Before us lay a blackwhite-stomach, fitted dead.

Not too little, I forgot of it. I was lucky to shoot a pair of stonebucks, morecats, fullstriches, a wateringbuck and at last a saucernosed mouse.

**C. le Roux – 10F.**

# ¡NTERGRASIE!

**Vrydagaand 12 Maart 1976 – Affieland maak geskiedenis! A.H.S. en A.H.M. snoer hulle kragte saam in 'n Interdebat. Die onderwerp onder bespreking was baie intellektueel: "Advertising does benefit modern men".**

Edwin Knobel en Rian Botha was die twee verteenwoordigers van die Seunskool en Elmarie van Zyl (wat almal verras het met 'n skitterende betoog) en Dina Cloete was die spreeksters van die Meisieskool. En die uitslag was natuurlik, hoe dan anders na Edwin en Elmarie se gesamentlike poging. "Advertising does really benefit men".

Edwin het baie duidelik "The advantages of being a girl" in sy onvoorbereide toespraak beklemtoon. Dink jy regtig so, Edwin?

"Just a minute", die een minuut kans aan vrywillige sprekers van die twee skole het interessante resultate gelewer!

Kom ons maak weer so, Affies!

# WEERBURO?! KOMPETISIE

Beantwoord die volgende drie vrae in volsinne in jou wiskundetoetsboek en pos aan:
H.A. Blitz, p/a Weerburo, Pretoria. 0002.

Sluit ook 'n foto van jou rug en groottoon in.

Hier volg die vrae:
1. Wie hou die rekord vir die drink van die meeste botter op een dag vir 1976?
2. Watter onderwyser/es het die meeste kopertande?
3. Wie, volgens die Guiness Book of Records, het 'n ton strooitjies op 3 Mei 1415 verorber?

**Pryse:**
**Eerste prys** – 'n Week in Lagos.
**Tweede Prys** – 2 Weke in Lagos.
**Derde Prys** – Leeftyd in Siberië.

**Anna en Sanna:**
**Anti-Terrorisme Komittee.**

# DIE KOEI

**'n Koei is 'n soogdier wat met 'n beesvel oorgetrek is. Onder aan die koei hang die melk, en die voorraad is onuitputlik. Hoe meer mens melk, hoe meer melk kom daar. Ons weet nog nie hoe die koei dit regkry nie.**

Die koei het 6 kante: regs, links, voor, agter, onder en bo. Agter aan die koei hang haar stert, waaraan 'n kwas hang om die vlieë mee weg te jaag, sodat hulle nie in die melk val nie. Vooraan die koei sit haar kop vas. Hoe sy dit regkry, weet ons ook nie. Die kop is daar sodat die bek plek het om te sit. Bo-aan die kop is daar vier horings, twee om te hoor en twee om die honde mee weg te jaag.

Die koei vreet nie baie nie, want sy eet alles twee maal. Dit neem nogal baie tyd, daarom kry sy genoeg. Die koei vreet met haar bek en die bek word ook gebruik om mee te bulk. As die koei nie meer bulk nie, is dit omdat haar binnenste kant vol gras is.

Die mannetjieskoei is 'n os. Hy is nie 'n soogdier nie.

Die koei het 'n fyn reukvermoë, daarom kan 'n mens haar ver ruik en dit is verantwoordelik vir vars plaaslug.

**"Ekke"**

# A.H.M. SE IMMIGRANTE

**Op 5 Desember 1975, het die Capello gesin uit Nederland vertrek. Hulle bestemming: sonnige Suid-Afrika! Hulle het in S'Hertogenbosch, in die provinsie Brabant, Nederland gebly. Hulle het op 7 Desember hier aangeland.**

Affies is so bevoorreg om al drie die susters in ons midde te hê. Op 'n vraag: "wat het julle eerste getref", was die antwoord gelyktydig: "Die skooldrag!"


Wat my getref het, is dat al drie baie oortuigend gesê het dat die mense tot dusver almal baie vriendelik was. Verder, het hulle nie juis die aanpassing baie erg gevind nie. Skool in Nederland het bestaan uit 6 tot 8 periodes per dag, wat elk 50 min lank was. Die skooldag het begin om half nege – ek wonder nou of ons nie dalk ook so 'n veranderinkie kan maak nie!!

Die gesin bly tans in 'n hotel, maar beoog beslis om 'n huis te koop, om sodoende die ruimte tot hulle beskikking te gebruik!

Die rede vir hulle emigrasie is dat hulle vader gevoel het dat hulle 'n baie beter toekoms in Suid-Afrika sal vind, as wat hulle ooit in Europa kon hoop om te hê.

Ons hoop dat Carla (st. 10), Marja (st. 8) en Renata (st. 6) baie gelukkig by ons sal wees en ons is dankbaar dat hulle reeds so goed by ons ingeskakel het!

**Lynette Weideman St 10E.**




**Dankie juffrou!**

**AI TOG,** hoe heerlik tog om in 'n pragtige, skoon kleedkamer in te stap sonder om omgehardloop te word deur 'n gillende, jillende standerd sessie! Ons waardeer werklik Juffrou se goeie plan om aan ons ons eie kleedkamer te gee, en wil hiermee haar hartlik daarvoor bedank. Baie dankie Juffrou!

**'n Matriek – 10E.**

**MY LENTE**

Lange, lange ure het my
leed versterk en deur die
koue nagte het ek
bang gewag op hierdie
tyding wat my in die vroeë
lente as doodsberig bereik

**Lien**

**Veldfliek in affies**

Nadat toestemming verleen is, is daar besluit om die eerste veldfliek te hou op Saterdag 7 Februarie na die jaarlikse byeenkoms teen Helpmekaar. Die idee was eintlik om die fliek op die rugbyveld te laat plaasvind.

As gevolg van die reën is ons planne toe in die wiele gery en moes daar spoedig besluit word wat om te doen om sodoende ons pogings te laat slaag. Die fliek sou nog plaasvind, alhoewel dit op die pawiljoen sou geskied.

Danie Fölscher en Leon Nel het gesorg vir die puik skerm wat baie effektief was. Danksy hulle hulp kon die Affies toe hul eerste veldfliek bywoon – in die reën.

Die fliek naamlik "And soon the darkness" is bygewoon deur 'n menigte Affies en ek is seker dat almal dit baie geniet het. Ons kan net hoop dat hierdie nuwe tradisie al klaar gevestig is in Affieland.

**TO HER**

It's not the unknown leader
but the faithful follower in her that I admire.
She is never in the limelight
or up on the stage
where she is cheered or praised
but behind the scenes
she moves soundlessly and quietly
and her smallest task is her pride.
Her name will never be written in a book of honour,
but it will be inscribed in the Book of Life,
And her quiet ways will be recognised,
her kindness remembered . . . by some-one
long after she has gone.

**St. 8A.**

COFFE BEAN
LYNNWOOD RIF
WINKELSENTRUM
TEL: 471436

LEEUBRUG
SANLAMSENTRUM
LYNNWOOD MANOR
Vir diens en vriendelikheid

PAASAANBOD
Besoek ons nou vir al u
GORDYNE
- Gratis gemeet, gepas, gehang
- Groot kontant korting
- Leweransiers aan alle koopverenigings

Suzelle-GORDYNBOUTIQUE
PRETORIUSSTRAAT 373
(Regoor Ballentines)
Tel. 2-3553 3-2123

# WRAKHOEK

**Affies se jaarlikse motorveiling sal eersdaags gehou word. Die volgende advertensies is al ontvang:**

1) 'n Wit Peugeot bakkie: met slegs een stuurwiel en net een regter voorwiel. Die bakkie het twee deure en een toeter. Word gebruik om melk te vervoer. Laagste bod sal nie noodwendig aanvaar word nie.

2) Geel B.M.W: Motor in baie goeie toestand want was eiendom van 'n halwe persoon. Laagste aanbod sal gehalveer word om 'n halwe prys te kry.


3) "Army" kleur Escourt: Vorige eienaar was wêreld beroemde akteur in "Aanslag op Kariba". Motor is op die oomblik gekamoefleer. Eienaar betaal u R40.00 as u die motor neem.

4) Wit Cortina bakkie: met twee ruitveërs en vervangbare "ball bearings". Vorige eienaar was grootwildjagter en is entoesiastiese balversamelaar. Laagste bod sal aanvaar word.

5) Splinternuwe tweede-handse Datsun met gemaksitplekke. Vorige eienaar het sy lieflike rooi Barracuda verkoop vir die Datsun. Ons verkoop nou die Datsun. U kry 'n pistool gratis saam met die motor. Eienaar betaal u R100.00 as u die motor neem (Die pistool is onder die middelste sit plek).

6) Geel Kombie met egte varkleer sitplekke. Bestuurder het soos 'n padvark bestuur. Hy moes dus die Kombi verkoop. Sy straf is sewe jaar onderwyser. Die motor is baie Wiskundig behandel.

7) 'n Rooi Volkswagen. Die vorige eienaar heg baie sentimentele waarde aan die motor. Die motor is gebruik tydens die verfilming van die bekende rolprent "Jaws". Die eienaar vra vir hierdie harde ratel-taaie motor slegs samewerking, en dis joune.




# FORUM '76

# AFFIES MOET BESIN

**DIE AFRIKAANSE HOER SEUNSKOOL** en die Afrikaanse Hoër Meisieskool bewandel al vir 56 jaar saam dieselfde paadjie. In hierdie jare is daar 'n unieke verhouding tussen die twee skole opgebou, 'n verhouding wat tussen geen ander twee skole bestaan nie. Daarom is dit die plig van elke persoon wat op enige wyse om een van hierdie inrigtings verbonde is, om hierdie kosbare verhouding te bewaar en uit te bou.

Kortsigtigheid, individuele jaloesie, eie-gewin of praktiese reëlings mag nie geduld word om 'n wig tussen die twee skole in te dryf nie. Die vraag is nou of hierdie verhouding wel vertroetel word soos dit hoort. Is dit vir ons 'n voorreg en 'n plesier om saam te werk, of is dit opoffering? Ondersteun ons mekaar spontaan, of moet ons mekaar smeek vir wedersydse ondersteuning? Kom ons beloftes na, of gooi ons mekaar se praktiese reëlings op die laaste minuut omvêr? Is ons lojaal teenoor mekaar, en strewe ons altyd daarna om, bo kortsigtigheid en eie gewin, die tradisie tussen die twee skole ten alle koste te bewaar?

Dit is my wens dat altwee skole 'n deeglike introspeksie sal doen van sy bydrae tot hierdie verhouding, en vir hom/haarself duidelike antwoorde verskaf op hierdie vrae.

**Corné Mulder,**
**Redakteur.**

# BRIEWE

## SOKKER BO

Geagte Redakteur,

Affies se eerste-sokkerspan draf uit teen die "Galle" se sokkerspan. Vandag sal ons hulle wys dat ons nie net rugby kan speel nie, maar ook sokker! Sal die Affies ooit die voorreg hê om so 'n gebeurtenis te aanskou? Ek twyfel.

Nou die groot vraag: Waarom kan daar by ons skool nie 'n sokkerklub gestig word nie? Is daar dalk te veel beserings? Seker die algemeenste verskoning wat aan ons voorgehou word is die feit dat sokker 'n gevaar vir rugby inhou. Dit is inderwaarheid so, maar wat van agt goeie rugbyspanne en twee goeie sokkerspanne vir alle lede bo vyftienjarige ouderdom.

Kom ons bied ons leerlinge meer geleentheid in ons sportklub. Is dit nodig dat so baie Affies hulle moet aansluit by klubs buite die skool? Indien ons 'n sokkerklub wil stig, sal niemand teleurgestel word nie, want die potensiaal is daar. Ek weet van baie sokkerspelers in ons skool, selfs leerlinge wat al geld verdien met sokker, wat bereid is om liewer by 'n Affie-sokker klub aan te sluit.

"Affies se eerste sokkerspan draf uit teen. . ." Ons hoop om hierdie woorde in die vervolg te hoor.

## BYDRAES

Geagte Redaksie,

Na aanleiding van die tekort aan artikels in "Stroomop", het ons besluit om by sommige onderwyseresse inspirasie te gaan soek. Die vraag aan hulle gestel was: "Watter bydrae kan ons, as klas, vir "Stroom-op" stuur?"

Die antwoord was: Mev. van den Heever: "Ek weet nie, ek weet nie wat julle beoog nie. Miskien moet iemand 'n stukkie skryf oor die grootste uitdaging van die twintigste . . ."

(Verdere opnames kon nie gemaak word nie a.g.v. die kreune van die deelneemsters aan die redenaarsfees.)

Mev. de Vos: "Ekskuus?" (Herhaling). "Bydraes as klas vir die "Stroom-op"? Ek wil daaroor droom die naweek, want nou het ons 'n poeding van 'n les voor!"

Mev. Senekal: "As julle nie die inisiatief het nie, moet julle dit nie by my kom soek nie!"

Mev. Schoeman: "'n Geldelike bydrae?!"

Juf. Bothma: "Julle praat so oor die 10E's, skryf maar oor hulle!"

Mev. Burger: "Haai ek weet nie, julle is dan so vreeslik intelligent!"

Mej. Swart: "Laat ek dink . . . weet julle watter swak indruk het julle slordige voorkoms vanoggend in die saal gemaak het? Skryf 'n artikel daaroor!"

Mej. Hönck: "Wat van 'n feëverhaal?!"

Uiteindelik het ons besluit om 'n opname te maak oor die populêrste kleur tandeborsels in 10A (met apologie aan R. Frousen) om ons smaak met die van ons broers te vergelyk.

Wit – 17%, Rooi – 12%, Blou – 21%, Groen – 17%, Geel – 16%, Pers – 4%, Pienk – 5%, Oranje – 8%.

Ter aanvulling: Mev. de Vos hou die meeste van rooi tandeborsels: Sy het drie!

Ons sê aan almal wat gehelp het, dankie vir hulle samewerking.

**10A A.H.M.**

## MATRIEK-AFSKEID

Liewe Affiena,

Die St 9's van dié jaar het besluit om die tema van die matriekafskeid "A town like Alice" te maak. Dit is baie maklik en eenvoudig, want die dekor hoef net uit 'n paar bome te bestaan.

En Affies die kos is regtig nie 'n probleem nie. Al wat hulle kry om te eet is: "Fish soup and rice."

**Mat Amin.**

## VOORKOMS

Kan ons nie iets doen aan die slordige houding en voorkoms van die skool nie? Dit is 'n teken van die uiterste slapheid en dit is betreurenswaardig dat daar nog oor gepraat moet word!

Wanneer sal ons begin besef dat grimmering, ingewikkelde haarstyle "wat mens seesiek maak", stringe krale wat deur 'n oop knopie loer en waaiende, klingelende oorbelle heeltemal belaglik by skooldrag lyk? Is dit nie tyd dat ons ons tasse aan hulle handvatsels moet begin dra nie?

Kom nou Affies, julle beïndruk niemand nie!

**10A**

## AFFIES SE GEES

**Die Redakteur – Graag wil ek skryf oor ons skool se gees. Daar is hierdie jaar al so baie gesê en gedoen vir ons skool se gees maar graag sal ek my mening wil lug oor hierdie onderwerp. Ek sou sê dat ons skool se gees fantasties sal wees as die Gees in die klasse goed is.**

As al die klasse in hierdie skool se gees reg was, dan dink ek dat daar nie nog 'n skool met 'n gees soos ons skool s'n kan wees nie. Kyk hoe baie kla die ander skole se hoofprefekte oor hulle skole se gees.

'n Klas se gees hang van sy register-onderwyser af. Vir baie onderwysers is sy register net 'n voorwerp, maar stel die onderwyser meer in die klas se belange belang, dink ek verhoog dit die klas se gees onmiddelik. As klasbesprekings gehou word dink ek moet die onderwyser ook sy deel bydra, saam met sy klas die onderwerp bespreek sy mening lug. Elke klas moet deur sy onderwyser toegelaat word om standpunt in te neem, en by daardie standpunt moet die klas bly. Dan sê ek dat baie van 'n skool se gees van die verskillende klasse in daardie skool afhanklik is. Is 'n klas se gees goed, dan dink ek dat die hele skool as geheel 'n goeie gees sal hê.

**10A**

**Geluk aan 10A. Julle is beslis 'n voorbeeld van so 'n klas waar dinge reg gaan ! – Red.**

## DANKIE MATRIEKS

Geagte Redakteur,

Slegs 'n kort briefie van dank aan die positiewe matrieks van 1976. Die matrieks het aan die res van die skool ge--toon dat hulle nie slegs oor kwantiteit nie, maar ook oor kwaliteit beskik.

Ten opsigte van sportbyeenkomste het die matrieks gevoel dat hulle die res van die skool nie kan kwalik neem indien hulle, die matrieks self, nie almal daar is nie. Die beleid het geslaag! Die matrieks se deelname aan sport het ook vir alle juniors 'n positiewe voorbeeld daar gestel. Vir die leiding op kulturele gebied is daar groot dankbaarheid.

Nogmaals dankie dat daar nie net gepraat is nie, maar ook gedoen is. Sterkte vir die twee termyne wat nog voorlê en mag julle hierop voortbou! Junior.


**Professionele hulp**
*van die Professionele mense*
***BARCLAYS NASIONAAL***

*Besoek Ginsbergs*
*Die familiewinkel vir al u benodigdhede*
**Bronkhorststraat 219** **Nieu-Muckleneuk**
**TEL 78-3211**

# HOEKIE VIR EENSAMES
























**"KUIKEN-FEES"**

Van die begin van die jaar
was die gort reeds gaar
Toe skielik in Affieland
'n heel vreemde geslag aanland

Die matrieks was skoon vies
Vir die sogenaamde sessies
Wat die hele skool vol is
En niks anders is
as 'n pure hindernis

Hul is sommer nog klein
dom en pure kind
En moes ons swoeg
Om al hul talent te vind

Meer as een maal
het hul in die skool verdwaal
En was hul in ons Affie-kontrei
lankal nie meer vry

Dit was 'n deurmekaarspul
Pouses, met die skaterlag en gegil
En boonop die sluk
van 'n ontgroeningsbom!

Hul was soms so hartseer
Want wat kan hul meer
as om ons name te leer?

Toe volg die ergste –
Die ontgroeningskonsert
En moes die matrieks besluit
hul is met die kuikens opgeskeep

En voor ons ons kon kry
was die ontgroening verby
En glo my –
Die sessies was so bly
Veral om deel te wees
van Affies en sy GEES!

**'n Matriek**

**"ASTER" - OLOGIE**

SIMBOOL: N2 04017
ATOOMGEWIG: Een veertjie
FISIESE EIENSKAPPE: Kook maklik, vries sonder waarskuwing. Smelt as jy dit goed behandel. Baie bitter as jy dit roekeloos behandel.

VOORKOMS: Oral waar die teenoorgestelde geslag hulle bevind.

CHEMIESE EIENSKAPPE: Groot voorliefde vir alles wat mooi en duur is. Hoogs ontvlambaar as dinge nie na wense verloop. Kan groot hoeveelhede soetigheid absorbeer. Word groen as dit langs 'n mooier element geplaas word. Verloor alle kleur in water.
GEBRUIKE: Die allerbeste absorbeerder van geld. 'n Uitstekende katalisator. Word as 'n baie fyn ornament beskou en bo alles is dit onmisbaar vir al wat man is!

**GLENFAIR**

**DRY CLEANERS FOR LAUNDRY AND SHOE REPAIRS**

**SANLAMSENTRUM**
**TEL: 474513**

*You phone and we call*

**PLATEVERHAAL**

**Gisteraand kon ek net nie aan die slaap raak nie. Dit was al of iemand aan my gesê het,** *"Look out here comes tomorrow".* **Ek het deur my kamervenster na die** *"Silver moon"* **wat op die** *"Rose garden"* **geskyn het, gekyk.**

Die volgende dag kon ek net aan my ma sê: *"Have you ever seen the rain",* want dit het gestortreën. Maar *"My sunshine"* het mos verjaar en ek moes hom gaan gelukwens.

Met die gedagte is ek toe met my *"Pushbike"* af stad toe. Ek het 'n *"Summerprayer for peace"* opgesê dat ek hom tog by sy *"Home"* moet sien.

Die wonder het gebeur en in die straat sê hy vir my: *"Hello Dolly"* Ek laat nie op my wag nie en sê aan hom: *"Happy, happy birthday baby"* en groet hom met *"Put your and in the hand".*

Gelukkig dat hy nie deur my kon sien nie, want my hart het *"Chirpie Chirpie Cheep Cheep"* gebons, veral toe hy aan my sê: *"You are my sunshine"* – in hierdie reën!!

**"TEMPESTS" (vervolg)**

**St. 10 tug-komitee:** If thou neglect'st, or dost unwillingly what I command, I'll rock thee with old cramps, fill all thy bones with aches, make thee roar.

**St. Sesse:** He that dies pogs all debts: I defy thee - Mercy upon us!

**Mnr. Weideman:** Look what a wardrobe here is fcr thee.

**Personeel:** I, wonder! How many goodly creatures are there here!

**Mnr. v. Wyk:** A very special ancient and cigare cigarette-like smell.

**Mnr. Ferreira:** I have no ambition to see a goodlier man.


**Matrieks:** Be free and fare thou well! **Willem Wikkelspies.**

***Ondersteun die kankernavorsing***

# EN HELPIES HET UITGEREEEEEEEN



## Hoe intelligent is u?




### ANTWOORDE:

1. Drie grade onder vriespunt
2. Slang wat by 'n trap afseil.
3. Binnekant van Napoleon se baadjie
4. Vark in mis.
5. Meksikaan wat 'n eier braai, van bo gesien.
6. Spinnekop wat op sy hande staan

**Sara Masbieker**

LYNETTE EN CORNE **MOES** HIERDIE SPASIE GEVUL HET

## IN HONARIUM

Mev. van den Heever – "Kinders, julle is te lui om te dink!"
Mev. Fourie – "Eina! Jou vark . . . Moenie my goete vat nie"
Mev. van Graan – "Een lente aand . . . het Ditjie en Datjie besluit . . . Hulle het gaan lê . . . onder 'n Jakarandaboom . . ."
Mev. Strauss – "Julle vier daar agter . . . Julle beïndruk my glad nie."
Juf. Hitchcock – "Samewerking dogters . . . samewerking."
Juf. Hönck – "Duh! . . . sement between the ears, hey!
Juf. Swart – "Moenie met mý praat nie . . . ek is nie in die klas nie."
Juf. Basson – "Intelligensie is nie alles nie, my vriendinne!"
Juf. Hoon – "Welll! . . . not ACCCCTUALLY!?"
Mev. van Schalkwyk – " . . . jou opvoeding bewys dit!
Mev. Senekal – "Jy kry dat . . . 'n . . . met die gevolg dat . . ."
Juf. Muller – "Julle voer nie my instruksies uit nie!"
Mev. Verster – "Morgen, Morgen, nu nicht heite"
Mev. Schoeman – "'n Latynonderskeiding val nie sommer uit 'n boom nie!"

## MATRIEK-WYSHEDE

### – (met erkenning aan Mej. Hönck)

**Eendag besluit ek om met vakansie na my swaar, 'n knapsakboer, naby Boshoff, omtrent dertig myl buite Kimberley te gaan/One day I decided to go with vacancy to my heavy who is a tight bag farmer near Bush Court, about three and thirty miles outside Kimberley.**

Toe ek met my fiets oor die koppie kom, sien ek 'n luiperd wat my grootmoeder se agterkleinseun, Jakob bespring/When I came over the little cup with my chic, I see suddenly a lazy horse that bejumps my big mother's back small son Yeshead.

Ek haal die magasyn van die geweer oor om hom te skiet, maar net die doppie klap/I fetch over the might vinegar of the gun to also shoot him, but only a little tot clangs.

Ek was 'n papbroek en gooi my haelgeweer neer, en hol na die plaashuis/I was a porridge-pants and threw down my hailgun to hollow to the place house.

Kom besigtig die *KAWASAKI* reeks motorfietse by:
**THE MEAN MACHINE**
Kerkstraat-Oos
Tel: 23-108

MOET NIE Die vakansie geniet NIE!

**UNIVERSITAS**
BOEKE EN MUSIEK
nooi u almal uit om te kom ontspan by ons Sunnypark-tak of by ons middestad-winkels in die Stadsentrum-deurloop.
Terselfdertyd kan ons u voorsien van al u skryfbehoeftes, leesstof of musiek.
Tel. 449354/61 of 34981

# SPREEKBUIS: KOMMUNISME IN RUSLAND

**Karl Marx, 'n ekonomiese denker en een van die invloedrykste filosowe van die 19de eeu, het reeds so vroeg as in 1848 die kern van sy denkrigtings in die pamflet, "Die Kommunistiese Nonifes", uitgelê. Hierin het hy 'n beroep gedoen op al die arbeiders in die wêreld om te verenig en hul heersers, die kapitaliste, omvêr te werp.**

Die Kapitalistiese stelsel het 'n teenvoeter, prolitariese sosialisme, laat ontstaan en uit hierdie botsing is 'n nuwe stelsel gebore, nl. Kommunisme met sy ideale van geen ongelykheid geen onderdrukking en geen armoede. Privaat besit was uit die bose en almal moes deel in die algemene welvaart van die staat. Die toestande in Rusland aan die begin van die 20ste eeu het daartoe aanleiding gegee dat 'n revolusie in 1917 plaasgevind het, en die tsaristiese regime tot 'n val gekom het. Nicolai Lenin "a fanatic tireless in effort" het direk na die bewindsoorname in 1917 Rusland se ekonomiese lewe begin sosialiseer. Daar is beslag gelê op die eiendom van alle grondbesitters (ook die kerk s'n) en dit is onder toesig onder die boere verdeel.

Die grondwet van 1918-1923 kon in 1936 reeds gewysig word weens die stewigheid van die Kommuniste se posisie in Rusland onder Stalin. Die nuwe grondwet, wat voorsiening maak vir algemene stemreg, direkte verkiesing, en geheime stemming is soos volg saamgestel: die Opperste Sowjet is die hoogste regerings liggaam en bestaan uit twee huise. Die hele land word in die Sowjet van die Unie verteenwoordig op die grondslag van een afgevaardigde vir elke 300 000 mense, terwyl die gefedireerde Sowjet-Republieke in die Sowjet van die Nasionaliteite verteenwoordig word. Die Opperste Sowjet kies die Presidium van 36 lede wat gesamentlik as hoof van die staat optree en ook die raad van volks-kommissarisse (Hoofministers), wat die uitvoerende gesag uitoefen.


Oënskynlik is dit die mees demokratiese grondwet in die wêreld. Daar word indrukwekkende lys regte vir dié burgers gewaarborg, onder andere die reg op opvoeding vryheid van Godsdiens, spraak en die Pers. Rusland is egter 'n een-party staat; en hierdie Kommunistiese Party se lede het nog nooit meer as 2% van die bevolking uitgemaak nie, slegs die party word geduld en beheer die Staat. By verkiesings behaal sy kandidate 'n volstrekte meerderheid – om die eenvoudige rede dat daar geen ander kandidate is of mag wees nie. Kiesers kan dus slegs vir of teen die Koministe stem, terwyl die "regte" van dié burgers slegs in die belange van die Kommunistiese Party uitgeoefen mag word. Vryheid is hier dus slegs die vryheid om die party te steun en nie te kritiseer nie.

Die Komministiese Party is baie heg georganiseer: daar is die allerkleinste (selle) met minstens 3 lede, distrikskongresse en provinsiale kongresse tot by die Al-Russiese Kongres wat al om die ander jaar vergader. Hier word die staatsbeleid bepaal. Magsposisiebekleër in die party is die Sekretaris-Generaal wat dus eintlik alleen heersers oor Rusland is. Om lid te wees van die party, moet 'n persoon aan streng kwalifikasies voldoen en hy moet bv. godsdiens heeltemal afsweer. Minder betroubare lede word deur Suiweringsprosesse geëlimineer – dikwels ook die leiers.

Kommunisme is anti-godsdienstig omdat die Ortodokse Kerk se hiernamaalsbeskouing tevredenheid en 'n waardering van geestelike i.p.v. materialistiese waardes veroorsaak het – en dit was anti-rewolusionisties. Die Staatsgodsdiens word dus miskien die beste as ateïsme beskryf. Maatskaplike, huislike en persoonlike aangeleenthede word deur die staat gerig terwyl die Kommunistiese jeugorganisasie, Komsomol, vir die indoktrinasie van die jeug sorg.

Werk is die verpligting van elke burger op die beginsel van "From each according to his ability, to each according to his work."

**A.V.**



# ALLEEN WEES

**Dis skemer. Soos donkergrys, kolossale gestaltes is die berge teen die blougrys hemel geets. Ek is alleen.**

Die eerste keer na die dag se haas en gejaar – alleen met myself. Die uur van stilte het aangebreek. Onder in die vlei lê reeds die melkswaar missluiers tussen die kaal, swart doringbome. 'n hond tjank in die verte. . . Waarna soek ek in hierdie stilte? Wat is dit wat meteens alle ligsinnigheid uit my verban? Wat my so weemoedig maak? Het ek dan nie alles wat my hart begeer nie?

Die wêreld om my word dof. 'n Troon? Waarom? Ek kan nie meer dink nie. Net een ding voel ek duidelik – my lewe, my persoonlikheid is leeg. Weet jy wat leeg beteken? Ek het hulp nodig! Die gewoonte wys my 'n uitweg: Gaan huis toe – vergeet hierdie onsin. Jy is tog nie 'n sentimentele boekheld nie! Maar ek kon tog nie so bly nie!

Here help! Onbewus het hierdie uitroep oor my lippe gebars. Ek bid? As my vriende my nou kon sien! Maar skielik word ook dit onwesenlik – laat hulle dink wat hulle wil.

God, ek is alleen . . . verlig hierdie eensaamheid . . . laat iemand in my lewe kom vir wie ek kon lewe . . . . ek is moeg, siek van myself! Ek wil ek kan nie meer alleen wees nie . . . . 'n rou snik ruk deur my liggaam: Na al hierdie jare van strewe en werk besef ek dat dit alles nutteloos was. Wat help sukses jou as jy dit alleen ervaar? Wat beteken 'n lewe alleen?

Maar ek is nog jonk – my lewe lê nog voor – daar is nog 'n toekoms. Soos die blink ster deur die swart boomtakke, skyn hierdie gedagte in my duistere gemoed. Daar is nog hoop!

Ek sal huis toe gaan – ek sal verder lewe – maar nooit nooit weer alleen nie!

**Petrus**

# Pistool se doppie geklink

Na die op--roep van Mnr. L. Pretorius en die prefek--te om gebruikte melkdop--pies te versamel het die Affies flink gereageer. Die rede: vir elke agt duisend doppies wat ons as skool versamel, ontvang 'n blinde persoon van ons eie keuse 'n opgeleide gidshond.

Klaskompetisies het ontstaa en een matriek-klas het na slegs twee weke agtduisend melkdoppies aan mnr. Pretorius oorhandig. Op hierdie stadium het ons skool al agt-en-twintig duisend melkdoppies bymekaar gemaak.

Ongeveer 'n maand na die oproep kondig mnr. Roesch af dat die instansie wat die gidshonde vir melkdoppies verruil, tussen neus en ore verdwyn het. Niemand wou toe iets van Affies se melkdoppies af weet nie; (Hulle kan nou maar gaan doppies blaas). Hierdie saak word nou verder ondersoek.

# AFRIKAANSE DEBAT 1976

**Die klok lui. Wat waai Kobie so vir my daar voor in die klas? Ek is haastig en storm by haar verby. "Jy moet praat in die debat!" Ek gaan staan botstil. Praat? in die debat? Ek? Ek kan mos nie! Maar sy hou aan, ruk 'n verkreukelde papiertjie uit haar tas, en begin die onderwerpe waartussen ek kan kies, breedvoerig bespreek. Ek voel vasgekeer. Grote genade! Berei jou skoolloopbaan jou voor vir jou latere lewe – wat 'n onderwerp!**

**Daar is onderafdelings: strafmaatreëls, sport, sosiaal en vakke. Die een wil meer grieks wees as die ander. Maar Kobie ken haar storie. Sy brei uit en gee idees en ek skep moed.**

Die aand breek aan. Almal is senuweeagtig. Riana vergeet haar hoofpunte by die huis; Ora lyk benoud en ek probeer naarstiglik my woorde onthou. Kobie open die debat met 'n toespraak oor die ontwikkeling in die onderwys en dan neem ons ons sitplekke in die "kongressaal" in. Kobie stel die sprekers bekend en Ora staan op terwyl die persfotograaf gou 'n foto steel. Sy praat vinnig en vlot – toe gelukkig nié oor die selle in die sitvlakke nie – en Marilie sê daarna dat strafmaatreëls nie voldoende is vir toerusting en opvoeding nie. Riana onthou haar hoofpunte en praat oor sport op skool wat haar heeltemal bevredig, maar Wilma stem nie saam nie. So verloop die kongres. Ons praat oor die sosiale "opleiding" wat ons ontvang – Susan stel voor dat ons 'n klub vir die ontdekking van onbekende aktrises stig, en ten slotte argumenteer Sarie en Lynette. Voor die vakke op skool wat ons na Sarie se mening wel en na Lynette se mening glad nie toerus vir die na-skoolse lewe nie. 'n Warm vloerbespreking volg waaronder die matrieks en st. 9's mekaar amper in die hare vlieg. Sulke dinge gebeur ook.

So vertel sy hulle almal. Die algemene reaksie is skok en verbasing; totdat jy agterkom dat dit tog dinge is waaroor jy kan praat. Die keuse van 'n onderwerp is moeilik – oor alles kan daar iets gesê word. Ora praag t.o.v. strafmaatreëls. "Ag, praat jy daarteen, dis maklik," sê sy "Jy weet, jy sê net die selle in die kinders se sitvlakke gaan dood as hulle geslaan word, en so aan"!!

Nou is daar nog die kwessie van items. Ons maak die tweede helfte 'n program van hoogstaande gehalte in die vyf ster restaurant, "Die Ou Meulstroom". Hermien en die klomp 10F's sal sing. 10F is nie verniet die singende klas nie! Hildy, Joanie en Libby word bygebring, Amanda kan klavier speel en Anna Minelli rond die plan af.

Ons oefen. Weke voor die tyd en dag en nag. Hoe nader die dag kom, hoe meer bekommerd raak die onderwyseresse en hoe meer oefen ons. Kobie organiseer, partykeer baie vies vir iemand; partykeer moeg en siek vir alles, maar ons oefen! Die laaste ding word gereël. Die kleedrepetisie verloop hak-hak, maar alles is darem onder beheer.

Sover het alles vlot verloop. Ná pouse kom "Die Ou Meulstroom" aan die beurt. Die "Tinktinkies" – die restaurant se aanvallige kelnerinne vermaak die gaste en bring almal in 'n gemoedelike luim. Hildy en Joanie, wat pas van hulle toer agter die Ystergordyn teruggekeer het, dans sodat die kliënte alles van hulle smaaklike kaviaar en garnale vergeet; en die beroemde aktrise Libby Daniels, wat gou inloer op pad na haar konserttoer in België – (Kobie, waar kan kom jy aan alles – sy neem dan saam met my geskiedenis!) – dra roerend uit "Sy kom met die Sekelmaan" voor en ons almal sit met 'n knop in die keel.

Hiertjy, ek het nie geweet sy's ook hier nie! Nee regtig – hier kom Kobie met haar op die verhoog! O nee, dis nie sy nie, dis Anna. Jammer dat sy so laat in die program is, maar daar was blykbaar 'n verkeersknoop en sy kon nie vroeër hier wees nie(!) (Raai wie het die verkeersknoop veroorsaak?) Sy sing. ???? sing sy nie! Elmarie raak verlief en Karien besluit hulle kan nooit weer na dié sondige plek toe nie. (Karien is Elmarie se vrou).

Hierna kondig Cobie 'n skemerkelkpartytjie in die daktuin aan. Wat daar aangegaan het moet ons miskien net kortliks noem.

Francette en Spiesina gesels oor rugby – Francette weet vir 'n verandering meer as Elsabé. Ons praat politiek en operasies – Cosette se knieë sal ná dese nooit weer dieselfde wees nie!! Maar alles verloop darem vlot en die aand word suksesvol afgesluit.

Ná die applous huil en lag en giggel ons van skone verligting. Die koperkan raak soek, maar ons kry hom weer en ons waak skoon en hou nabetragting en kom tot die slotsom dat dit 'n debat duisend was. Ons stem almal saam dat die debat sonder Kobie 'n flop sou wees. Baie dankie vir haar, almal wat deelgeneem het en dit geniet het, en almal wat in die gehoor was en ek is seker, – dit amper netsoveel geniet het!

**Alida Theron 10F**

**Redaksie A.H.M.**

Redaktrise: Lynette Weideman
Sub-redaktrise: Riekie Lues
Sekretaresse: Anneline Joubert
Penningmeesteres: Ammie Bigalke
Verslaggeefsters: Tertia, Esme, Lianda, Neline, Ann, Marina, Libby, Ora, Sonja, Janette, Marie-Louise en Francette.

**Egte Leer**
in
**Baadjies en jasse**
*vir mans sowel as dames*
**SKAAPVEL karsitplekke en pantoffels**
van
**HEIMAT**
**Steyns deurloop 16**
**Schoemanstraat 270**
**PRETORIA Tel. 31499**


***Heerlike Verskeidenheidskonsert!***
aangebied deur AHM
**Unisa Gehoorsaal 14 Mei 1976**
*Kom geniet 'n genoeglike aand van ontspanning met gaskunstenaars*
**Rudi Neitz**
**Margarethe Ranch**
**Ervine Taylor**
**en**
**Die Pretoriase Jeugkoor**
**Bespreking by AHM of Computicket**

# SPORTMAN VAN DIE TERMYN

**André Joubert is op 11 Augustus 1958 in Johannesburg gebore. Sy vader woon tans in Bronkhorstspruit.**

**André ontvang sy Laerskool-opleiding by die Laerskool Witpoort, 'n skooltjie geleë tussen Welbekend en Onbekend.**

**Reeds vanaf graad 1 het André aan atletiek deelgeneem, maar nooit enige voorliefde vir enige veld-items gehad nie. Hy meen dat dit slegs talent is wat hom die spogatleet maak wat hy is, met natuurlik oefening om dit alles te verbeter. Soos enige sportman vandag, word ook hy soms gekritiseer, maar op hierdie stadium steur hy hom nie vreeslik baie daaraan nie.**



André ontvang sy eerste drie jaar hoërskoolopleiding aan die Hoërskool Erasmus te Bronkhorstspruit. Gelukkig besluit hy om sy laaste jare op Affies deur te bring en kom hy aan die begin van 1975 na die koshuis, waar hy reeds met die intrapslag naamgemaak het deur die Noord-Transvaal se kleure te verwerf vir onderskeidelik die 100 en 200 m. o/17 en dieselfde jaar nog tweede plek inneem in beide nommers, tydens die S.A. kampioenskappe.

Hy persoonlik beskou dit egter nie as sy algemene hoogtepunt in atletiek nie.

Eers in St. 7 het André atletiek ernstig begin opneem en dieselfde jaar verwerf hy Noord-Transvaal, deur gekies te word vir o/17 100 m. terwyl hy maar slegs 'n veertienjarige atleet was. Dit beskou hy as sy hoogtepunt tot dusver.

André kom wel uit 'n atletiese familie en dis verstaanbaar vanwaar die besondere talent. Sy vader was dan ook ondermeer S.A. kampioen in gewigstoot in die jare.


André het geen belang by enige ander sport nie. Hy het 'n afkeur in rugby aangesien hy tydens 'n rugbywedstryd sy rug beseer het, en hy meen dit aaklig vir sy liefling sport kan wees. Graag wil hy aangaan met atletiek na sy skoolopleiding en sy onmiddellike mikpunt is om die 400 m. in 'n tyd van 44,8 sek. te kan aflê. Sy beste tot dusver is 49 sem. Soos enige sportman is dit André se ideaal om Springbokkleure te verwerf en indien S.A. tot die Olimpiese Spele toegelaat word, ook daar te kan deelneem. 'n Groot eer vir hom. Wie is sy grootste teenstander? Beskeie, maar tog beslis: Tinus van Wyk. 'n Mens kan dus sien waar André wil uitkom.

### S.A. KAMPIOENSKAPPE

In 1974 haal André weer die N.T. span deur gekies te word vir die 100 m. en 200 m. o/17 terwyl hy nog maar 15 was en behaal vyfde plek op die S.A. kampioenskappe. Gedurende 1975 maak hy weer so en behaal 'n tweede plek in sowel die 100 m as 200 m. Hiermee verwerf hy dus die derde agtereenvolgende jaar N.T. kleure as o/17 atleet.

### BESTE TYE

André se beste tyd vir die 100 m. is 10,6 – elektronies opgestel tydens 1975 inter-hoër as o/17 atleet en 'n blitsige 21,5 in die 200 m.



*Oorwinning vir O/19 aflos.*

Afrigting speel 'n groot rol in André se lewe. Maar bo alle afrigters is daar vir hom slegs een nl. mnr. Sias v. Schalkwyk. Persoonlik bestempel hy mnr. v. Schalkwyk as sy beste afrigter in sy loopbaan. "Dit is defnitief die gehalte afrigting en natuurlik die hulp van bo wat my tot alles in staat stel op die atletiekbaan", aldus André Joubert.

Aan hierdie beskeie kranige atleet wens ons alles van die beste toe vir sy atletiekloopbaan waarna die Affies met groot belangstelling sal volg. Sterkte vir die komende S.A. kampioenskappe, ons weet jy sal ook Affies se naam hoog hou!



*André weer eerste!*

### GESLAAGD

**Affies het vanjaar baie hoogtepunte op die atletiekbaan behaal.**

Eerstens was die baie geslaagde Interhuis byeenkoms wat ons saam met ons broers gehou het. Ongelukkig het die byeenkoms teen Helpies uitgereën (ook maar hulle geluk). Ons meisies het egter die geleentheid gekry om die beker na ons skool terug te bring in 'n mini-byeenkoms.

Dan was daar Sportstigting, en kort daarna Interhoër, waar ons oortuigend gewen het. Op Interbond te Brits was Meisieshoër goed verteenwoordig. Geluk aan die atlete wat gekies is vir die Noord-Transvaalse skolespan. 'n Spesiale woord van gelukwensing vir Leonie Gouws wat gekies is om Noord-Transvaal op S.A. Kampioenskappe te verteenwoordig.

Baie dankie aan elke atleet wat deel gehad het aan hierdie suksesvolle seisoen.

Dankie ook aan al die onnies vir hulle harde werk.

Met komplimente van

**Robert Koch Apteek**

Vir vriendelike en flinke diens

* * * * *

Pretoriusstraat
Robert Koch-gebou
Tel.: 3-3880

# Terug na Rugby

**Op Saterdag 13 Maart was dit die ene bedrywigheid op en om die rugbyveld, want die Affies het rugby gespeel. Interhuis-rugby het, alhoewel slegs die tweede keer aangebied, beslis in sy doel geslaag om nie net aan die manne te bewys hoe onfiks hulle was nie, maar ook as rugby-proewe geslaag. Na die atletiek seisoen was dit beslis 'n verandering en die Elande onder algehele leierskap van D. Putter, die Koedoes onder P. Pienaar sou meeding om 'n eerste plek.**

Elke huis kon vyf spanne in die veld stuur onder andere 'n L/13, 'n O/14, 'n O/15 en twee senior spanne. Die wedstryde sou op 'n uitklop basis beslis word waar die twee wenspanne onder elke afdeling dan in die eindronde teen mekaar te staan sou kom. Die wedstryde sou omstreeks agtuur begin waar die Koedoes teen die Koshuis en die Elande teen die Hartbeeste sou meeding.

Die koshuis se seniors het skoonskip gemaak en die Koedoes se twee spanne onder skeidelik 10-4 en 16-4 geklop. Die Elande se seniors het weer op hulle beurt die Hartbeeste verslaan om dan in die finaal teen die Koshuis te staan te kom. Die Koedoe-juniors het alhoewel hulle seniors swak gevaar het, geskitter en die O/15 en die O/14 spanne het albei die Koshuis verslaan om in die finaal teen die Elande en Hartbeeste mee te ding. In die O/13 afdeling het die Tiere en die Leeus te staan gekom en gelykop gespeel.

### ELANDE SEËVIER

Die Elande het as algehele wenners uitgetree. Die Eland seniors het in die finaal die Koshuis verslaan. Die Elande O/15 het die Koedoes geklop en die O/14 Koedoes die Hartbeeste op hulle beurt.

### GROOT SUKSES

In die algemeen was dit 'n groot sukses alhoewel die fiksheid die meeste manne gepootjie het. Ek is seker dat lamal dit geniet het alhoewel die toeskouers bietjie aan die minkant was. Aan mnre. Roesch en de Vos asook die ander onderwysers wat dit vir ons moontlik gemaak het, baie dankie. Ons sien beslis uit na volgende jaar se kragmeting.

Weereens baie geluk Elande!

**Gerber. St. 9C**

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

Daar het eendag 2 Eskimo's op die Noordpool geloop, 'n grote en 'n kleintjie. Die kleintjie was die grote se kind, maar die grote was nie die kleintjie se pa nie. Wie was dit dan?

Die kleintjie se ma!

**Ondersteun die Suiderkruisfonds**

# NELSPRUIT-FEES

**Die tweede naweek in Februarie was 'n onvergeetlike een. Die atlete het reeds Vrydag na Nelspruit vertrek vir die atletiekbyeenkoms wat daar sou plaasvind.**

**Ongeveer half een die Vrydagmiddag het ons atlete 'n halfmaan om juffrou Holtzhauzen se kantoor gevorm; as't ware gaan serenade! Besield deur ons hoof, het ons per bus na Nelspruit vertrek!**

Uit menige keel het ons soos een man gebulder: "We call on miss . . . to sing us a song" Juffrouens Strauss, Geldenhuis en Lombaard het ons nie teleurgestel nie vandag spog Affieland met nuwe sportliedjies! Die woord "GEES" kon gedurende daardie rit met hoofletters gespel word. Op Middelburg is ons leë mae gevul en die kafee-eienaar kon ons Affie-atlete net verdwaas aanstaar! Al gehoor van 'n selftevrede Affie met 'n trommeldik magie? Nouja, as 'n Affie 'n ding aanpak, doen hy dit heelhartig en met oorgawe!

Die natuurskoon van Nelspruit het ons almal sprakeloos gehad en omtrent half-sewe het ons Affie-atlete op vyand se bodem aangeland. Ons is egter met die warme gasvryheid van koshuisprefekte sowel as bekommerde moeders verwelkom. Sommige atlete is by skolierouers gehuisves terwyl ander weer in die koshuis geslaap het. Daardie aand is ons met yskoue lemoensap en vleispasteitjies getrakteer. Ook is ons vriendelik uitgenooi na 'n filmvertoning. Ek hoop nie die riller was bedoel om ons senuwees uit rafel nie!

Om sewe-uur die volgende oggend het die opstaanklok gelui. Nadat ons 'n heerlike ontbyt (sonder piesangs!!) genuttig het, het ons Affie-atlete gesamentlik en baie opgewonde na die "Nellies" se sportterein vertrek.

Op die pawiljoen sowel as die baan het elke Affie haar goed van haar taak gekwyt. Ons atlete was baie dankbaar vir die matrieks se singende bystand. Ook mag ons ons verstout om te sê dat ons onverbeterlik was! Waar het jy nou 'n Affie gesien wat iets half doen?

Soos dit goeie gasvrouens en gashere betaam is daar vir elke Affie se leë maag tydens pouse voorsiening gemaak. Heerlike kerrie en rys, worsrolletjies en vleispasteitjies het in leë mae verdwyn.

Ons skool het goed presteer en name soos Leoni Gouws en Heidi Wilkens het ons skool se naam weer eens hoog gekou. Die terugrit was tot barstens toe gelaai met gees en ons dank aan die spesiale vergunning van ons atletiekonderwyseresse om saam met ons buurskool terug huis toe te ry. Ons het ongeveer half-elf Saterdagaand tuisgekom en almal was dit eens: 'n heerlike naweek en atletiekbyeenkoms wat iedereen ten volle geniet het.

**Adri Louw St. 10E**

## NUWE INTREKKER

**Daar doer in die koshuis het Heidi Wilkens haar bagasie kom afpak. Sy het besluit om hier in Affies haar skoolloopbaan te voltooi.**

Heidi het haarself gou as puik atleet onderskei. Na 'n wedstryd kom sy altyd by die koshuis aan met 'n stralende gesig, haar arms oorlaai met bekers en oorwinnings. Sy het reeds 'n Noord-Transvaalse rekord opgestel in hekkies, hoogspring en verspring.

Verder blink sy nog uit op die tennisbaan ook. Mooi so, Heidi, hou so aan!

**Bewonderende mede-sessie.**

# ATLETIEK 76


**Saterdag 31 Januarie 1976 het die atletiekspan 3 uur die oggend vertrek om die sterk span van Tom Naude aan te durf. Van vroeg af het die Affies stadig maar seker met die Tommies afgereken. Tom Naude het besef hulle het 'n gedugte teenstander aangedurf en het uiteindelik met 62 punte die onderspit gedelf.**


Na die segetog het almal uitgesien na Helpmekaar die 7de Februarie. Die natuur het egter anders besluit en dit het gereën. Die byeenkoms is toe uitgestel na Woensdag die 11de Februarie maar net toe Helpmekaar arriveer, bars 'n wolk oop en ons het 'n wolkbreuk en die byeenkoms is afgestel. Ons atlete sou dié dag ook teen Boy's High en John Vorster gekompeteer het maar dit is toe ook van die baan.

Vrydag die 13de Februarie ruk Affies op na Nelspruit waar ons die aand heerlik deurbring. Die volgende dag, het Nelspruit hulself vasgeloop in die Affie masjien en alhoewel ons seuns en meisies saam was het die seuns alleen amper die groottotaal gebuit. Die aand ry die seuns en meisies gemeng terug! ! en geniet dit natuurlik. Die aand ± 11 uur arriveer die atlete in Pretoria – moeg maar gelukkig.

Op die Prestigebyeenkoms van Menlopark het Affies vol moed na Pilditch gegaan. Die stryd tussen Menlopark en Affies was kwaai maar ons moes gewonne gee en erken dat Menlopark beter is as ons.

Affies is 'n puik skool met puik gees en puik prestasies teen ander skole. Dit is weereens die jaar bewys al het ons teen 'n atletiekskool tweede gekom.





*Dit lyk nie asof die koshuis ver gaan kom teen hierdie 1920 tempo hie.*

# HUISSPORT

**Saterdag 24 Januarie was 'n heugelike dag om 'n hele paar redes. Mens kon warmbrakke eet, koeldrank drink, rekords verbeter, jou keel hees skree en laaste maar onder geen omstandighede die minste nie: die son het geskyn!**

Nou kom ons by belde, borsspelde, blomme hoede en ringe. Affies, as julle mooi gekyk het sou julle daar iewers tussen die oranje 2 gesigte gesien het. Dit was Monique en Anna wat die koshuis tot groter dinge gelei het.

Kom ons kyk nou Affies wie sou ons eerste plaas. Libby en Joanie is los voor en Santie en Inge is kort op hul hakke. Ons gaan nie nou net vir die ader vier se "probeer weer" nie. Nee, hier's raad: Of julle moet nooit trou nie, of julle moet eers geld in 'n broeksak hoor rinkel voor julle toelaat dat sterre julle bewimpel.

Kom ons kyk nou na die ernstiger dinge Affies, die geskiedkundige dag van onderdrukking het aangebreek. Na al hierdie jare het die Affies toe darem een keer toegelaat dat hulle eie onderwyseresse hulle wen.

Eintlik was die stryd bietjie onregverdig want Juf. Geldenhuys het so groot geskrik toe die skoot klap dat sy met 'n vaart wat net Paul Nash kon ewenaar, weggeskiet het. Daarna het sy egter met lang egalige hale oor die baan gegly en nie eers baie uitgeput by Mev. Strauss aangekom nie.

Waar Mev. Strauss spoed vandaan kry weet net sy! Die Affies weet egter dat toe hulle gedink het 'n landloper het nie spoed nie hulle hul net lelik misgis het. Mev. Strauss het haar kop op haar knieë gesit en in presies dieselfde posisie 10 sekondes later haar eindpunt bereik (wêreldklas).

Mens kon ook kyk en luister na pragtige dirigente en dis dan ook net hier waar die klei haakplekkie inkom. Die mensdom is nou maar seker so geskape en daarom het hierdie vraag seker by baie opgekom. Wie was die mooiste, bes geklede, vrolikste en mees treffende? Wel Affies, as mens hulle wou oordeel volgens hulle skoonheid en kleredrag sou jy jou kop in 'n bynes steek en beroerd daarvan afkom. Daarom gaan ons die dirigente bekyk volgens 'n heel nuwe idee. Inflasie.

Kom ons begin by Santie en Inge. Hier's hulle resep: Sny voor en agter 'n stuk materiaal van die rok uit. Plaas dit nou as valletjies om die dun repies oor die skouers wat oorgebly het. Gebruik nou jou natuurlike bate en laat 'n lang bos hare jou rug bedek.

Christina en Hildy het nou net weer anders om gedink. Met hul lang groen blommetjies van die strottehoof tot onder by groen toonnaels het hulle ons al singende vermaak.

Libby en Joanie het ons inflasiejaar uitstekend adverteer. Deur 'n romp in die helfte te deel met baie min gare kry mens 'n langbroek en dus twee stukke kleredrag vir net een okkasie. Dink net daaraan: nou 'n broek en dan 'n romp en nou 'n romp en dan 'n broek net soos jy wil!

*Abel in aksie.*

# WATERPOLO

**Dit was 'n besondere goeie jaar vir ons waterpolospanne. Dié stelling word bewys deur die feit dat 3 spelers, nl. Carel Spies, Ren Oosthuizen en Jan v.d. Westhuizen, NoordTransvaalse Skolekleure verwerf het.**

Die eerste wedstryd teen Menlopark bewys die Affies se 1e span se baasskap en ons wen 7 - 3. Ren Oosthuizen behaal o.a. 5 doele en Carel Spies kwyt hom goed van sy taak as doelwagter. Die tweede- en Juniorspanne kon egter nie die segetog voortsit nie en delf die onderspit met 7 - 2 en 8 - 3 onderskeidelik.

In die tweede wedstryd teen Menlopark wen die 1ste span weer eens met 4 teenoor 1. Die tweede span neem wraak en verpletter die Parkies met 11 - 1. Terence Mathie en Sarel Meiring was die uitblinkers van die span.

# GALLE

In 'n baie goeie wedstryd verloor die Juniors egter met 6 - 4. Die Junior spelers se spel was niete min puik en H. v.d. Hoven word dan ook vir die 1ste span teen Boys High gekies.

Die Galle laat ons op ons neuse kyk en die 1ste span verloor met 5 - 0. Die tweede- en Juniorspanne kon ook nie die bordjies verhang nie en hulle verloor 4 - 9 en 4 - 6 onderskeidelik.

Dankie aan al die spelers en ons hoop dat in die volgende seisoen nog groter hoogtes bereik sal word.

# IN DIE BAD

DAAR IS deur vele met entoesiasme uitgekyk na Woensdag Maart wanneer die jaarlikse Interhoër Swemgala sou plaasvind. Aan al die Offies wat daar was sê ons baie dankie. Gedurende hierdie gala het maande se harde werk te voorskyn gekom in die vorm van pragtige prestasies deur die Affie swemmers. Staatmakers soos L. Nel, D. Fölscher, J. v.d. Hoven, H. du Plooy en R Lemmer het 2de plekke behaal. Afgesien daarvan dat min eerste plekke verower is, was die globale indruk deur die swemmers geskep baie goed aangesien daar dikwels slegs enkele sentimeters verskil tussen die eerste en tweede plekke was. Aan die einde van die dag het sake soos volg gelyk.

1. Boys high – 115
2. Menlopark – 104
3. A.H.S. – 85
4. St. Albans
5. Clapham
6. A.H.S. b-span

TELEFOON: 2-0884
Tel. Ad.: GUNFIRE

POSBUS 102
310 KERKSTR.-OOS

GROENEVELD EN HICKS

(EDMS.) BPK.

HANDELAARS IN WAPENS, AMMUNISIE EN VISGEREEDSKAP

IS VISVANG EN SKIET U LEWE?
KOM DAN NA GROENEVELD EN HICKS (EDMS.) BPK. VIR DESKUNDIGE FLINKE EN VRIENDELIKE DIENS TEN ALLE TYE.

ONS SPESIALISEER IN:
- NUUTSTE GEWERE EN AMMUNISIE
- VISGEREI VIR DIE KIESKEURIGE HENGELAAR
- EN REPARASIES WAT DEUR DESKUNDIGES WAARGENEEM WORD.

AS U 'N BUITELUG MAN IS HOU ONS DAN IN GEDAGTE

**A VERY SHORT STORY!**

**Once upon a time.**
**They lived happily ever after!**
**Michelle**

**Die Redaksie is jammer dat hulle nie al die artikels kon plaas nie – probeer gerus weer! – Ondersteun ons adverteerders!**